

HOOFSTUK III.

Die Adjektiefgroep.

A. Adjektief + Substantief (of Pronomen).

184. Hierdie verbinding het ontstaan by die predikatiewe gebruik van die Adjektief en is in hoofsaak nog daartoe beperk. (Vir afwykinge sie benede.) Die verbinding dien tot voltooiing of nadere bepaling van die betekenis van die Adjektief. By die predikatiewe gebruik, dus in gevalle soos: *Hy is vry van bedrog, vry by ons*, sou ons, wat de betekenisinhoud betref, net so goed kan praat van 'n voltooiing of bepaling van die Werkwoord [*is vry*] as van die Adjektief [*vry*]. Die taalgevoel groepeer, soos die spreektempo aantoon, in sommige gevalle die Adjektief by die Werkwoord, sodat die voltooiing (bepaling) die hele verbinding geld: *dis breed — drie duim*; in ander gevalle die Adjektief by die voltooiing (bepaling), sodat die laaste alleen die Adj. geld: *dis / drie duim breed*. Gewoonlik word Ww. + Adj. + voltooiing (bepaling) met ongeveer gelyke tempo uitgespreek, wat dan die moontlikheid ooplaat vir 'n geleding waarin die Adjektief òf na die een kant of na die ander geruk word. Ook die tempo gee dus geen aanduiding wat vir alle gevalle geldig is nie.

185. Van die vyf vormtiespes wat ons onderskei kan die Subst. (Pron.) alleen by die vierde dien tot bepaling van die Adjektief òf tot voltooiing van sy betekenis. By al die ander dien dit tot betekenisvoltooiing.

(1) *Verbinding deur 'n kasus-uitgang aangedui.*

186. In ouer vorme van Germaanse tale was die gebruik van 'n casus obliquus 'n baie algemene middel om die inhoud van 'n Adjektief aan te vul. In sewentiende-eeuse Nederlands was die gebruik van hierdie middel al sterk verminderd en

in teenswoordige Nederlands is daar maar min van oor.¹⁾ In Afrikaans is daar van die Genitief in hierdie gebruik nog maar net 'n paar verstarde oorblyfsels. Dit is twyfelagtig of *mans genoeg* daarby gereken kan word, omdat die hoofgetalle en ander hoeveelheidswoorde substantiewies sowel as adjektiewies kan opgevat word. Wat oorbly is 'n aantal uitdrukkinge wat alleen in Bybels-gekleurde taal voorkom: *vol soeten wyns; des doods skuldig; syner (myner, uwer) gedagtig, genadig, indagtig*. Die Substantief of Pronomen kan dus voor of agter die Adj. staan en die aksent is gelykmatig. By al die opgegewe voorbeelde was dit moontlik, hoewel minder gebruiklik, om die volgorde om te keer: *soeten wyns vol, skuldig des doods*, ens.

187. Hierdie uitdrukkinge word in die gewone omgangstaal in die reël vervang deur ander waarin die verbinding deur middel van die woordorde of Voorsetsels uitgedruk word: *vol soet wyn, die dood skuldig, genadig vir my, gedagtig aan my*, ens.

188. 'n Paar geïsoleerde samestellinge is: *mynsgelyke en deskundig*.

(2) *Verbinding deur die woordorde aangedui.*

189. In 'n aantal uitdrukkinge kan die voltooiing sonder vormwoord met die Adjektief verbind word, maar dan is voorplaatsing van die voltooiing noodwendig. Daar die voltooiing in Oud-Germaans in hierdie gevalle in die Datief of Genitief gestaan het, kry die Afrikaanse Persoonlike Vnw. die verboë vorm — vir so ver dit nog bestaan.²⁾ Die ander Persoonlike Vnwde en die Substantiewe kan natuurlik alleen in die onveranderlike vorm optree. Die aksent is gelykmatig. Vgl.: *Waar 'n klein reënslootjie hulle*

¹⁾ Wilmanns, *Deutsche Grammatik* III, §§ 271-2; 303-5; 255; Paul, *Deutsche Grammatik* III, §§ 243; 265-6; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 165-6; Van der Veen, *Taaleigen*, § 135.

²⁾ *Handleiding*, bls. 43.

hinderlaag gunstig is (Oerwoud, bls. 23); *Jouw woorde is my duister* (Misdade, bls. 39); *dit sal ons aangenaam wees; my vreemd, vyandig, welkom, toegeneë, nuut, (gunstig)gesind; sy meester onderdanig, ens.*

190. Al hierdie uitdrukkinge kom alleen in deftige taal voor; in die daaglikse omgang word verbindings met Voorsetsels gebruik. Alleen met *toegeneë* is geen verbinding met 'n Voorsetzel gebruiklik nie.

191. Die vorm *waardig*, wat oorspronklik 'n Genitief geregeer het (*zijner waardig*), kom nog maar net in deftige taal voor. In die omgangstaal word dit verkort tot *werd*: *hy is jou nie werd nie*. Daarnaas kan egter ook die verbinding met Preposiesie gebruik word: *hy is vir jou nie werd nie*.

192. In deftige taal kan alle Adje, as hulle deur (*al*)te of *genoeg* voorafgegaan word, op dieselfde manier met hulle voltooiing verbind word: *dis my te duur; ons lastig genoeg*. Ook hier verkies die omgangstaal 'n verbinding met *vir*.

(3) *Verbinding deur woordorde of tempo aangedui.*

193. Voltooiinge wat 'n maat, prys, gewig of tyd uitdruk kan op twee maniere met die Adjektief verbind word:

(a) Die eerste en gewoonste manier is dat die Adjektief die voltooiing volg: *twee voet lank; drie duim breed; vyf sielings werd; tien pond swaar; ses uur lank*.

(b) Met spesiale nadruk kan die Adjektief eerste staan, sodat dit by die Werkwoord gegroepeer word. Dan is daar altyd 'n lang pouse tussen Adjektief en voltooiing: *Dis lank — twee voet; breed — drie duim; werd — vyf sielings* ens. As die samestelling *kniédiep* in manier (b) omgesit word, word 'n Preposiesie gebruik: *diep — tot (by) die knie*.

194. *Geskiedkundig*. In ouer vorme van Ndl. het die Adjektief in hierdie verbindings 'n Genitief (en ook 'n Akkusatief?) geregeer.¹⁾

¹⁾ Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 168.

(4) *Verbinding deur middel van Preposiesies.*

195. Behalwe by betekenisverhoudinge wat deur tiepe (3) of (5) uitgedruk word, is dit die gewone manier om in die omgangstaal 'n Adjektief met 'n Substantief te verbind. Die Substantief kan voor of na die Adjektief staan en word altyd vergesel deur die Preposiesie, wat dus by voorplaatsing altyd in aksent en geleding ondergeskik is aan die Subst. Die volgorde kan dus wees: *dit is aangenaam vir ons* of *dit is vir ons aangenaam*. Vgl. vir voorplaatsing van Subst. of Pron. nog: *Karel Olivier is met die veld goed bekend* (Misdade, bls. 77); *die kleinjong ... is vir hul net versigtig* (Misdade, bls. 138); *en die koopman is met hul goed bekend* (Getrou, bls. 66). Die Ww. kan tussen Adj. en voltooiing staan: *Slegs van een gevoel is hy bewus* (Getrou, bls. 22). *Terwyl hul in een van hul bymekaarkomplekke besig was om te drink en dobbel* (Misdade, bls. 6).

196. Naar die betekenis kan ons hierdie verbindings in twee klasse verdeel: (a) die betekenis van die Adj. word voltooi; (b) die betekenis van die Adj. word nader bepaal.

197. (a) Na Adjektiewe met 'n vaste Preposiesie dien die Substantief tot betekenis-voltooiing. Vgl.: *Hy is baie gek na sy klein Sussie* (Misdade, bls. 93); *is die Kaffers moeg van roof..* (Misdade, bls. 109); *dat jul twee baie lief vir mekaar is* (Misdade, bls. 133). So ook: *goed vir my; geskik vir sy taak; begerig na eer; tevrede met sy seun; seker van sy saak; bang vir diewe*, ens.

198. Soos by die Substantiewe word ook hier voor Infinitiewe die vaste Voorsetsel dikwels vervang deur *om te*. Vergelyk: *besig om te drink en te dobbel* (Sie § 195); *geskik om te werk; tevrede om weg te gaan*, ens.

Aktiewe Deelwoorde behou die bindwoord wat die ooreenkomstige Werkwoord gebruik: *kykend na my; lettend op sy omgewing*. Passiewe Deelwoorde gebruik *deur*: *vergesel deur sy vrinde*, dog soms *van*. (Vgl. Opm. by §§ 157-78).

199. Vergelykinge wat deur (al) *te* of *genoeg* ingelei word, gebruik *vir* as bindwoord: *Dis (al) te duur vir my*;

lastig genoeg vir ons. Bettie haar hart was te vol vir woorde (Vergeet Nie, bls. 23) = 'om woorde te gebruik', is 'n letterlike vertaling uit Engels. Voor Infinitiewe word ook hier *om te gebruik* en nie *vir nie*: *Dis te duur om te koop*.

200. Besondere melding moet gemaak word van die voltooiing van superlatiewe deur middel van *van*: *die grootste van die kinders; die mooiste van die meisies*. Hier sluit die betekenis van die Adjektief ook die inhoud van die Enkelvoud van die Substantief in. Vandaar dat dit gevolg kan word deur die stut *een*. Is die bedoeling van die Superlatief meervoudig, dan is die uitgang *-s* verplig en word dit dus ook naar die vorm 'n Substantief: *die grootstes van die kinders; die twee stoutstes van die seuns* (Vgl. § 89-91).

201. (b) Net soos by die Substantiewe kan ook by Adjektiewe preposisionele verbindings met los Voorsetsels dien tot nadere bepaling: *welkom by ons, onder ons; skuldig onder alle omstandighede; moedeloos deur teenspoed; lank by sy broer* (Ndl. 'vergeleken bij'). Ook hier bestaan die neiging om die Preposisie met die Substantief tot een eenheid te laat samegroeï. Die geleding is dus erg vlottend.

(5) *Verbinding deur middel van Konjunksies.*

202. Konjunksionele verbindings word gebruik om 'n hoedanigheid of 'n vergelyking uit te druk.

203. 'n Hoedanigheid word uitgedruk deur middel van *as*. Vergelyk: *Hy is hoogstaand as mens*.

204. In vergelykinge met die Positief word soos of *nes* gebruik: *Haar hande is wit soos (nes) sneeu*. Soos kan gesplits word in *so...as*: *Daar hulle meen dat hierdie plek net so goed is as enige ander* (Oerwoud, blss. 58-9); *'n man wat aan die hoof staat van so 'n buitengewone volksbeweging als die Groot Trek* (Piet Retief, bls. 3). In plaas daarvan kan egter ook gebruik word: *so...soos*: *Haar hande is so wit soos sneeu*.

205. In vergelykinge met die Komparatief word *as* of

dan gebruik.¹⁾ In die omgangstaal is *dan* in hoofsaak beperk tot die noordelike provinsies. Vbb.:

Kaaps: *Want daar is sommige dinge wat meer kosbaar is as selfs die lewe* (Getrou, bls. 98).

(By Infinitiewe): *Dan sal jy 'n beter werk doen as jou te bekommer oor my* (Vergeet Nie, bls. 130). [N.B. Normaal is as om.]

Dat die roeping van 'n onderwyser belangryker is as om enkel 'n massa onnodige kennis aan sy leerlinge mee te deel (Misdade, bls. 45).

Ondervinding het my geleer dat die troue hart van 'n dierbare vriend meer werd is as om daarmee te speel en dit te verag (Getrou, bls. 181).

Transvaals: *Maar hy het nooit groter geword dan sy Pa se duim nie* (Duimpie I, bls. 7).

Hier is niks anders te sien nie dan 'n droë sandwoestyn (Duimpie I, bls. 27).

206. In geskifte uit die Kaapkolonie kom egter onder Nederlandse literêre invloede ook *dan* voor. Vergelyk:

Dat „Stompies” van tekortkomings wemel, weet niemand beter dan ekself nie (Stompies, bls. VIII).

Nouveliks had ek hierdie woorde uit, of 'n golf, groter dan enige wat ons daar in die diepe see tegeekom het, breek op ons los (Stompies, bls. 95).

Een pyp daarvan is korter dan die ander (Na Olikheid, bls. 6).

207. In die samestelling *niks* as (= enkel) lê 'n vergelyking opgeslote. Vgl.: *dis niks as pessimisme wat ons te hoor kry* (Pers).

208. Kom die hoedanigheidsaangewende *as* reeds in 'n sin voor, dan word in alle dele van die Afrikaanse taalgebied *dan* gebruik om die vergelyking uit te druk: *Hy is groter as generaal dan as staatsman*.

209. In literêre taal kom in Afrikaans dikwels onder Nederlandse invloed *as* voor in plaas van *soos* (of *so...as*,

¹⁾ Vir Nederlands vgl. Bouman, *Syntaxis der “Dat”-zinnen*, blss. 97 vlgg.

so . . . soos). Vergelyk: *Soos blyk uit sulke woorde as klip, kooi* (Ontstaan v. Afr. bls. 35).

Annie is nes een wat stom geslaan is, en bleek as die dood (Misdade, bls. 33).

Hy is wit as die muur (Misdade, bls. 96).

Dié was skerp as 'n skeermes (Misdade, bls. 149).

Sy het haar in die aanval van die Kaffers heldhaftig als 'n man gedra (Boervrouw, bls. 76.)

210. In die laaste voorbeeld is kontaminasie moontlik. As die spreektempo sodanig was, dat kommas na 'heldhaftig' en 'man' die pouses sou verteenwoordig, sou 'als 'n man' 'n hoedanigheid aangee. Deur kontaminasie word ook *bo* in plaats van *as* gebruik. Vergelyk:

Als verreweg verkiesliker bo die kans om in die hande van die vyand te kom (Boervrouw, bls. 142).

[Kontaminasie met: *dit staan bo . . . ; ek stel dit bo . . . ens.*]

211. Gewys moet word op die beknopte manier waarop hierdie vergelykinge uitgedruk word. In: *haar hande is wit soos sneeu; haar hande is witter as sneeu*, word twee (groepe) wit dinge vergelyk, maar Adj. sowel as Ww. hoef maar eenmaal genoem te word. Deur die tweede voorwerp te noem wek die spreker tewens die voorstelling van die vergesellende eienskap daarvan by die hoorder op. Dieselfde gebeur waar b.v. *handeling* vergelyk word, soos in: *beter werk as jou te bekommer oor my*.

Attributiewe Gebruik.

212. Adjektiewe met Substantiewiese voltooiinge of bepalinge kom as reël in die omgangstaal enkel predikatief voor. Die enigste uitsondering vorm die Superlatiewe, wat 'n sterk substantiewiese geaardheid het. Vergelyk: *die grootste van die kinders was daar*, waarvoor ook gesê kan word: *die grootste een* ens. In die Meervoud kry *grootste* 'n -s en word die vorm dus ook substantiewies. *Niks-wêrd* het in predikatiewe gebruik 'n samestelling geword en kom dus ook attributief as samestelling voor. Vgl.: *haar niks-wêrd lewe* (Spoke, bls. 11).

213. Ook in die literatuur is sulke verbindings in attributiewe gebruik seldsaam. Tog kom dit, onder invloed van die Nederlandse literatuurtaal, af en toe voor. Vgl. :

Omdat dit nie rekening hou met die wordingsgeskiedenis van die Afrikanernasie en met die daaruit voortvloeiende ontwikkeling van sy eie spraak nie (Poësie, bls. 100).

En dan moes hy bowedien die ons bekende verwyte opeet (S. J. du Toit, bls. 35).

Syn in alle waarskynlikheid veel sorgvuldiger skoolse opvoeding (Piet Retief, bls. 43).

Voor Retief s'n diep in die toekoms deurdringende geestesoog doem daar 'n skaduwebeeld op (Idem, bls. 69).

Ek wil begin met 'n vir myself ongunstige voorbeeld (Onstaan v. Afr., bls. 140).

En die uit die warm sand stygende hitte het allerhande fantastiese figure teen die horison geteken (Huisgenoot, Febr. 1923, bls. 452).

B. Adjektief + Adverbium.

Ons onderskei twee tipes van hierdie verbinding :

(1) *Verbindinge sonder vormwoord.*

214. In hierdie verbindings word die verhouding uitgedruk deur middel van die woordorde en aksent. Gewoonlik dra die Bywoord die aksent en gaan dit aan die Adjektief vooraf. In verbindings met *genoeg* volg die Bywoord egter en kry die Adjektief die aksent. Attributief kom die verbindings alleen in literêre taal voor. Die Adverbium bepaal die Adjektief en kan die volgende betekenis uitdruk :

215. (a) Graad: *Want daar is sommige dinge wat meer kosbaar is as selfs die lewe* (Getrou, bls. 98). [NB. Hoewel Afrikaans deur analogie-werking 'n groot voorliefde het vir die gebruik van *meer* by Komparatiewe, is Engelse invloede nie vreemd aan gevalle soos hierdie nie.]

Die baas was erg teë (Vergeet Nie, bls. 126). So ook: *'n te grote opgewondenheid* (literêr); *minder mooi*; *taamlik lank*; *baie kort*; *buitegewoon vriendelik*; *nogal aangenaam*; *min-of-meer juis*; *nog moeiliker*; *so-goed-as seker*; en *vir sulke manne was daar meer as genoeg ruimte* (Getrou, bls. 147), ens.

Met omgekeerde woordorde en betoning: *Hy is ryk genoeg*. In: *Ons lewe is tog vol verdriet genoeg* (Getrou, bls. 28) het kontaminasie ontstaan tussen 'O. l. i. vol genoeg van verdriet' en 'daar is verdriet genoeg'.

216. (b) Manier: *versigtig inmeekaargesit*; *handig gemaak*; *blindelings nagevolg*, ens.

217. (c) Hoeveelheid: *En ook die ander leeus* (Oerwoud, bls. 23); en *nog verskillende gevalle*, ens.

218. (d) Plaas. Die Plaas-adwerbia bepaal gewoonlik die hele verbinding: Werkwd. + adjektiewiese voltooiing. Vgl. *Hy is / nêrens / verleë*. As daar 'n verskuiwing plaasvind, sodat hulle met die Adjektief alleen samegaan, dan vorm hulle daar meteens 'n samestelling mee: *Dis alom-bekend*. Ook adwerbiale uitdrukkinge van plaas wat deur 'n Preposisie ingelei word, bepaal gewoonlik die hele verbinding: *Hy is / tot in Europa / beroemd*, hoewel hier enige onsekerheid kan bestaan; en dieselfde geld van Plaas-adwerbia wat 'n nadere voltooiing het en dus agter die Adjektief kan staan: *Hy is bekend / orals in die wêreld*.

219. (e) Tyd. Ook die Tydsadwerbia bepaal die hele werbale uitdrukking: *En tog is ek nie altyd seker nie* (Getrou, bls. 20). By langere adwerbiale uitdrukkinge van tyd kan die geleding verskillend opgevat word: *Hy was van toe af gemerk*; *in die rivier is water in die reëntyd volop* ('n Jag, bls. 24). Ook by hierdie Adwerbia bestaan 'n sterk neiging om 'n samestelling te help vorm, as hulle enkel die Adjektief beheers: *altyd-groen*, *altyd-geldig*, *eeuwig-jonk*. In literêre Afrikaans kan sulke adwerbiale bepalinge ook attributief aangetref word en wel sonder dat 'n samestelling gevorm word. Vgl.: *en die maan skyn helder uit 'n nou onbewolkte lug neer* (Oerwoud, bls. 15).

(2) *Verbinding deur middel van Konjunksies.*

220. Vergelykinge met die Positief word gewoonlik uitgedruk deur middel van soos of nes: *Hy was stil soos (nes) altyd.* Soos kan egter gesplits word in so . . . as, of so . . . soos: *Hy was so stil as (soos) altyd.*

221. As die Adjektief self egter reeds die vergelyking antisipeer is die gebruik van as verplig of moontlik: *Hy bied nog dieselfde voordele as toe; dit was ander mense as gister; hulle is nog net sulke helde as (soos) vroeër.*

222. In literêre Afrikaans kom ook by hierdie verbindings, onder Nederlandse invloed, as voor in plaas van soos: *en alles is beweegloos as tevore* (Misdade, bls. 48). Of is dit Engelse invloed by hierdie skrywer?

223. Vergelykinge met die Komparatief gebruik as of dan (Vgl. §§ 205-6): *Sy is nou baie lewendiger as (dan) toe.*

C. Adjektief + Adjektief.

224. (1) 'n Partisiepium kan deur 'n Adj. bepaal word. Die verhouding is dan, dat die toestand wat deur die Adj. aangegee word, tot stand kom deur middel van die werking wat die Part. uitdruk. Vgl.: *Uitasem geskrik, soek hy naar 'n wegkruip-plekkie* (Duimpie I, bls. 34); *'n krom gegroeide boom, ens.*

225. (2) Uit reekse Adjektiewe ontstaan dikwels samestellinge, waarin die eerste lid die tweede bepaal. Vgl. *gemaak-onverskillig, begin hy rondkrap* (Vergeet Nie, bls. 119); So ook: *dof-blou, donker-rooi, vaal-grys* ens.

226. (3) By die aangee van hoedanighede word die bindwoord as gebruik: *Die bewerings daarin is bekend als onwaar* (Boervrouw, bls. 29); en in vergelykinge, as of dan: *Hy is meer geleerd as (dan) verstandig.*

HOOFSTUK IV.

Die Werbumgroep.

227. As 'n Werkwoord in 'n sin gebruik word kan dit die draer van 'n volle begrip of van 'n relatiewe begrip wees. 'n Werbale volbegrip kan vergesel gaan van nadere bepalinge, wat dien tot verenging van sy betekenis. 'n Relatiewe werbaalbegrip word deur middel van ander woorde voltooi en die aldus voltooide relatiewe begrip kan dan op dieselfde manier nader bepaal word. Dikwels word ook nog gepraat van leë begrippe; daaronder verstaan ons sekere werbaalvorme wat deel uitmaak van 'n kompositum. Die voltooiinge en bepalinge kan Substantiewe, Adjektiewe, Adwerbia of Werba wees. Ons behandel dus onder die verbinding van die Werkwoord met ieder van hierdie woordsoorte die volbegrippe, relatiewe begrippe en lede van komposita of leë begrippe vir sover as hulle voorkom.¹⁾

A. *Verbum + Substantief (Pronomen).*

(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip.

(a) *Verbinding deur middel van 'n kasus-uitgang.*

228. In ouer vorme van Germaans was die gebruik van 'n bepaalde naamvalsvorm van 'n Subst. 'n veel voorkomende middel om die betekenis van 'n Werkwoord nader te bepaal. Ook in Middelnederlands kan sulke naamvalsvorme nog dikwels herken word, maar in Afrikaans het, soos ook in gesproke en grotendeels in geskrewe Nuwe Nederlands, die

¹⁾ Vgl.: Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, §§ 15-34, 41-75; Kollewijn, *Voorwerpen*, (Taal en Letteren IX); Sütterlin, *Deu. Sprache*, blss. 344-69; Faddegon, *De Systematiek der Syntaxis*, (Neophilologus VII); Van den Bosch, *Over Samenstelling* (Taal en Letteren III).

onveranderlike vorm van die Subst., al of nie vergesel van 'n Preposiesie, gewoonlik die plek ingeneem van die vroeëre vorme. Sonder begeleiding van 'n Preposiesie kan van die ouer Naamvalle alleen nog maar die Genitief herken word en die kom enkel nog voor as 'n geykte vorm van bepaalde woorde wat nie meer as model vir nuwe formasies dien nie. Die Genitief vorm dus in sulke gevalle adwerbiale uitdrukkinge wat kan wees:

229. (α) 'n Plaasbepaling, ¹⁾ b.v.: *hy gaan syns weegs; dis allessins, enigsins, geensins aanneemlik*. Hierdie uitdrukkinge is beperk tot die skryf- of enigsins deftige spreektaal.

Opm. Om rigting uit te druk word soms gebruik gemaak van *toe* en ander jonger suffikse, wat ook beskou kan word as naamvalsuitgange. Liewer as 'n Genitief sou 'n mens dit 'n Rigtingsnaamval kan noem. (Vgl. § 235).

230. (β) 'n Tydsbepaling, ²⁾ b.v.: *dis snags koud; hy staan smôrens vroeg op*. Soo ook: *saans, smiddags, Sondags, Maandags*, ens.

231. (γ) 'n Bepaling van manier of omstandigheid, ³⁾ b.v. *hy loop blootsvoets, blootshoofs*, en sonder Substantief: *hy ry bloots*. 'n Beetjie deftiger is die bepalinge: *gewapenderhand, gelykerwys, langsamerhand, onverrigtersake, eensdeels, syns ondanks, myns insiens*, ens.

(b) *Verbinding deur middel van 'n agtergeplaaste Adverbium.*

232. Werkwoorde wat 'n rigting uitdruk kan deur middel van 'n Adverbium met 'n Substantief verbind word. Die Adverbium staan dan agter die Substantief en Substantief + Adverbium druk same 'n bepaling van plaas of tyd uit. Deur die noue samehang tussen Subst. en Adverbium sou

¹⁾ Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 160. VII.; Van der Veen, *Taaleigen*, § 125; Van Helten, *Vondel's Taal*, § 259, a.

²⁾ Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 170; Van der Veen, *Taaleigen*, § 126; Van Helten, *Vondel's Taal*, § 259, b.

³⁾ Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 171; Van der Veen, *Taaleigen*, § 127; Van Helten, *Vondel's Taal*, § 259, c en i.

'n mens die laatste ook 'n Preposiesie — of lievers 'n Postposiesie — kan noem. (Vgl. §§ 156-7.) Vbb.:

Ons volg nou die trekkers die Vrystaat in (Boervrouw, bls. 72).

En vlie weg die vaalpad langs (Vergeet Nie, bls. 43).

Want net dieselfde tyd kom Klein Duimpie die kamer in (Duimpie, bls. 23).

Manne wat die een dag uit die ander dag in lewe geduldig en gelukkig (Vergeet Nie, bls. 69).

233. Die Substantief word deur 'n sneller tempo by sy bepalinge gegroepeer. Die aksent kan naar die betekenis op die Bywd. óf op die Subst. val. Maar by verbindings met toe is daar reeds 'n sterke toenadering tot die samestelling, sodat die aksent altyd op die Subst. val. In die volgende voorbeelde met toe, uit Die Huisgenoot,¹⁾ dui ons deur middel van hakies die woorde aan wat met sneller tempo uitgespreek word: *Hulle gaan [Engelse kerk] toe; kyk [berg se kant] toe; loop [daardie kant] toe; staan [hierdie kant] toe; kyk [dié kant] toe; [watter kant] toe moet ek loop?*

234. Geskiedkundig. Vroeër het die Bywoord 'n bepaalde kasus (Akk., Dat. of Gen.) van die Substantief geregeer.²⁾

Samestelling.

235. Die betrekking van die oorspronklike Bywoord tot die Substantief kan nog verder vereng word deurdat dit daarmee samegroeit tot een begrip. Uiterlike kenmerke van die voltrekking van hierdie proses is dat daar dan geen Lidwoord of ander bepalende woord voor die Substantief kan staan nie, en ook geen Preposiesie nie. Die aksent val gewoonlik op die Substantief, dog in enkele gevalle, veral as 'n teenstelling met die adwerbiale begrip uitgedruk is of gevoel word, kan die laaste lid van die samestelling ook die aksent dra. Voorbeelde is:

¹⁾ Nov. 1922, bls. 274.

²⁾ Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 124.

'n Klomp skepsels wat pad op kom (Ons Weg, bls. 252).

Hulle het hande-uit gegly (Duimpie II, bls. 40).

Hy het asem-uit gehuil (Spoke, bls. 29).

„Ons gaan albei in dorp-toe môre.”

236. Die oorspronklike Bywoord doen dus hier die diens van 'n kasusuitgang en die praktyk van die Huisgenoot om dit in sulke gevalle aaneen te skrywe met die Substantief berus dus op goeie gronde. Dat dié tydskrif, ter wille van die parallélisme met *Bloemfontein-toe*, *Kaap-toe*, *Jansenville-toe* ens., ook by *huis-toe*, *berg-toe*, *dorp-toe* ens. die kop-pelteken gebruik is eweneens allessins te billik.

Opm. Die Substantief kan natuurlik self reeds 'n samestelling wees. Vgl.: *anderland-toe*.

237. *Geskiedkundig.* Hierdie samestelling kom, hoewel in beperkte mate, ook in Nederlands voor. Daar word dit hoofsaaklik gebruik by teenstellinge en dra die laaste lid die aksent. Vgl.: *Hij gaat trap-op, trap-af; het geschiedt jaar-in, jaar-uit*. Dog ook in Nederlands kan 'n mens sê: *de weg gaat berg-op*, waarnaas *berg-opwaarts* deftiger klink. Die uitbreiding tot gevalle soos *huis-toe*, *dorp-toe* ens. klink egter nog vreemd in Nederlandse ore.¹⁾

Opm. by §§ 232-7. Dikwels is 'n vorm van die Werkwoord *wees* voldoende om die beweging uit te druk. Vgl.: *Hy is die huis uit en die pad af* (Ons Weg, bls. 252). In sulke uitdrukkinge het *is*, *was* ens. ontstaan uit voller vorme waarin 'n Ww. soos *gegaan*, *geloop* ens. voorgekom het. Daar Pron^a en Subst^a met 'n vorm van die Ww. *wees* hier dus gebruik word by 'n voltooide handeling kon die volgende bepaling lig opgevat word as 'n Adjektief. Vandaar die ontstaan van uitdrukkinge soos: *Hy is poot-uit, been-af, bek-af, hare-aan* ens. waarin Substantief + Adw. samegegroeï het tot 'n Adjektief. Vgl.:

En Japie Gouws is vir my die swernoot in (Veld, bls. 18).

Ou Jaap is pote uit (Veld, bls. 18).

Want jouw vlerke is nie vere aan nie (A. B. C., bls. 30).

¹⁾ Vir samestellinge met *-uit* en *-op* in die Noordhollandse dialek sie: Hesseling, *Het Afrikaansch*, bls. 117; Boekenooien, *De Zaanse Volkstaal*, onder *uit*.

(c) *Verbindinge sonder vormwoord.*

238. In sommige gevalle is die woordorde alleen voldoende om die verhouding van Werkwoord en bepaling uit te druk. Vir die woordorde sien §§ 345-7.

239. (α) Sonder bemiddeling van 'n vormwoord of 'n naamvalsvorm word altyd uitgedruk 'n bepaling wat die manier maar tewens die resultaat van 'n handeling weergee. In sulke gevalle is die Substantief in betekenis of vorm verwant aan die Werkwoord. Vgl.: *Die perd loop 'n trippelpas, 'n sukkeldraffie; hy gaan 'n stadige gangetjie.* Die manier word uitgedruk deur die betekenisnuansering van die Substantief of deur sy kwalifiserende woorde. Daar die Substantief die resultaat van die handeling noem, het hierdie verbinding veel verwantskap met relatiewe werbaalbegrippe plus voltooiing. In die tiepe wat hier behandel word is die werbaalbegrip egter reeds voltooid en dien die Substantief of Substantiefgroep enkel ter bepaling. Dit is ook die geval waar die bepaling daarin bestaan dat die handeling gespesifiseer word, soos in: *ek het reeds my sê gesê* (Getrou, bls. 62), *gaan jou gang, hy het sy slag geslaan*, of dat sy omvang aangegee word, soos in: *'n droom of drome droom; 'n gesig of gesigte sien; hy sprak geen sprook, ens.*

240. (β) Sonder vormwoord word ook in ander gevalle die omvang van 'n werbaalbegrip aangegee. Vgl. *Dit traak my niks; hy het nog 'n weinig getalm; hy het ('n) beetjie geskrik; sy is g'n stuk bang nie; hy skaam hom g'n stuk nie; dit kan hom geen bloue duit skeel nie; ek het 'n sloot geslaap.*

241. *Geskiedkundig.* Hierdie konstruksie dateer reeds uit Oudgermaans, waar die bepaling in die Akkusatief gestaan het,¹⁾ en is nog baie gebruiklik in hedendaagse Nederlands. Vgl.: *Hy trekt zich daar geen lor, geen bal, geen zier, geen sikkepit, van aan.* Dat *veel, weinig, genoeg* ens. teenswoordig gewoonlik Adverbia genoem word, berus op die feit dat

¹⁾ Vgl. Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, § 223; Paul, *Deu. Grammatik* III, § 198; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 192; Van der Veen, *Taaleigen*, § 137.

hierdie oorspronklike Nomina (Substantiewe of Adjektiewe) 'n funksie vervul wat ooreenkom met die van Adwerbia. Die ontbreek van die Lidwoord word gewoonlik aangesien vir die uiterlike kenmerk van die oorgang tot die klas Adwerbia. So gaan ook die Adverbium *nie* (Ndl. *niet*) terug op 'n oorspronklike Akkusatief van 'n Nomen, maar word dit teenswoordig onderskei van die s.g. Substantief of Adjektief *niets* (*niks*). Die Afrikaanse neologisme 'n *sloot slaap, werk, praat* ens. moet teruggaan op uitdrukkinge soos: 'n *sloot grawe, kap* ens., waar 'sloot' die resultaat weergee van die handeling, maar tewens as sinoniem kan opgevat word van 'baie', 'lank' ens. Tereg vergelyk Dr. Bosman dit dan ook met *zich 'n bochel, zich 'n aap lachen* in die Nederlandse omgangstaal.¹⁾ Sou die hele tiepe nie oorspronklik ontstaan het uit sulke uitdrukkinge waarin die Nomen 'n resultaat weergegee het nie? Vgl. ook Fr. *ne ... pas, ne ... point, ne ... rien*.

(d). *Verbinding deur middel van Preposiesies.*

242. Die Preposiesies word by die Substantief gegroepeer en die neiging bestaan om Prep. + Subst. same 'n nouer adwerbiale eenheid te laat vorm. 'n Duidelike grens tussen sulke adwerbiale eenhede en Substantiewe met bindwoord kan nie getrek word nie.

243. Die betrekkinge wat deur sulke adwerbiale eenhede of deur middel van Preposiesies verbonde Substantiewe met die Werkwoords-begrippe kan uitgedruk word is velerlei²⁾. Ons noem die volgende:

Plaas (Rigting na): *Die wind waai na die see toe.*

(Rus): *Hy staan op die stoep.*

(Rigting waarvandaan): *Hy kom van die dorp af.*

Tyd: *Dit sal binnen 'n jaar, oor 'n maand, gebeur.*

Oorsaak: *Deur die sterk wind het die dak afgewaai.*

Deur dit te sê het hy hom belaglik gemaak.

¹⁾ *Ontstaan van Afr.*, bls. 82.

²⁾ Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, pp. 90-129.

Rede of grond: *Op versoek het hy dit voorgedra; om my ontwil het hy dit gedoen.*

(literêr): *Hy is weens laster tot boete veroordeel.*

Middel: *Hy het die perd met 'n sambok saam geslaan.*

Gevolg: *Tot vermaak van almal het hy die versie opgesê.*

Doel: *Om in die onderneming te slaag het hy hard gewerk.*

Voorwaarde: *In geval van oorlog kom daar krygswet.*

Toegewing: *Ondanks ons poginge is die vrede nie herstel ne.*

Negatiewe begeleiding: *Hy het dit beweer sonder om eers die saak te ondersoek.*

Opm. Uitbreidingsgevalle waar die agens van die Infinitief nie dieselfde is as die van die Hoofww. nie, is deur Prof. Bouman vermeld, b.v.: *Die staking op die Rand was om politieke onderdrukking in hierdie land te voorkom, sonder ag te slaan op wat Smuts en sy geldbesittende ondersteuners wou.* So kan ook by tydsbepalinge die agens van 'n Infinitief wat op 'n Prep. volg 'n ander wees as die van die Hoofddw., b.v.: *Toe egter in Spa daardie vraagstuk aan die orde sou kom — na twaalf dae soek gemaak te hê met allerlei ondergeskikte punte — moes Millerand skielik terug na Parys.*¹⁾

Maat: *Dit reën tot vervelens toe; dit word by die pond verkoop.*

Prys: *Ek het dit gekoop vir 10s.*

Stof: *Hy het die huis van klei gebou.*

Verhouding: *Hy moet handel naar omstandighede.*

Modaliteit: *Dit het naar alle waarskynlikheid, volgens die gerugte, gebeur.*

Verrigter van 'n handeling: *Kaapstad is gestig deur Van Riebeeck.*

(e) *Verbindinge met of sonder Preposiesie.*

Met of sonder Voorsetsel kan uitgedruk word:

244. (α) 'n bepaling wat die plek waar 'n beweging plaasvind, of 'n afstandsmaat uitdruk, b.v.:

¹⁾ Bouman, *Syntaktiese groepen in Afrikaans*, (N. Taalg. XVII).

Hy het die kortste pad (met die kortste pad) geloop;

Hy het 'n end (vir 'n end) saamgegaan.

245. *Geskiedkundig.* Hierdie konstruksie het ontstaan uit 'n ouer kasusuitgang ¹⁾: Akkusatief of Genitief. Die jonger plaasbepaling sonder Prepositiesie, wat in Nederlands en Duits gebruiklik is en deur taalspaarsaamheid ontstaan het, b.v.: *Hij woont Oudegracht, No. 10*, is in die Afrikaanse omgangstaal onbekend.

246. (β) 'n Bepaling wat 'n tydstip of 'n tydsmaat aandui:

Toe ons Nuwejaar [met Nuwejaar] by die van die Merwes was (Misdade, bls. 92);

Hy is die tiende Mei (op die tiende Mei) gebore;

Hy het die volgende dag (op die volgende dag) weggegaan;

Hy het die hele dag (vir die hele dag) gebly.

247. *Geskiedkundig.* Ook vir hierdie betrekking kon vroeër 'n Genitief of 'n Akkusatief gebruik geword het. ²⁾

248. (γ) 'n Bepaling van manier of begeleidende omstandigheid. Vergelyk:

Hy het Frankryk hande en voete geboei (Getrou, bls. 44).

Dan weer hang die bome kop-na-onder (Veld, bls. 57).

Kaalvoet en broek opgerol stap Stephanus met Outa rivier toe (Veld, bls. 124).

Bril-op-die-neus loer hy rond; hy staan wye-been; hy lê been-in-die-lug; hy loop hoed-in-die-hand; die hondjie kom stert-tussen-die-bene nader; ek kan dit toe-oë sien; hy staan hand-in-die-hare.

249. In al hierdie gevalle kan met (+ Lidwd.) as bindwoord gebruik word. Dieselfde is die geval in: *en daarom praat ek nie so malkop, soos julle nie* (Na Olikheid, bls. 7).

¹⁾ Vgl. Paul, *Deu. Grammatik* III, § 195, § 198, § 249; Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, § 254, 1-4; § 222, 1-4; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 160, VII; §§ 189-90; Van der Veen, *Taaleigen*, § 125; § 136; Van Helten, *Vondel's Taal*, § 259. a.

²⁾ Vgl. Paul, *Deu. Grammatik* III, § 197; § 250; Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, § 254, 5-7; § 222, 5-6; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 170; § 190; Van der Veen, *Taaleigen*, § 126; § 135; Van Helten, *Vondel's Taal*, § 259. b.

Sulke korter bepalinge het, as hulle sonder Voorsetsel gebruik word, egter 'n sterk neiging om samestellinge met die Ww. te vorm, sodra hulle veel voorkom by 'n bepaalde Werkwoord. In die preposisionele uitdrukkinge wat daarnaas staan, kan verskillende Voorsetsels gebruik word. Vergelyk :

Hy het die kos kageloop (= tot k. g.); *hy skiet dooie rus* (= op d. r.); *hy ry perd* (= te p.); *hy slaan voet* ('slaan' kon vroeër = 'gaan'); *hy speel klavier* (= op d. k.); *hy dans binneboud* (= teen d. b.).

250. *Geskiedkundig.* Die langer verbindings sonder Prep. gaan terug op ouer Genitiewe. ¹⁾ Ook in hedendaagse Nederlands is hulle nog verteenwoordig, hoewel minder talryk as in Afrikaans. Vgl.: *Hij drong naar binnen, het mes in de hand.* ²⁾ In die literatuurtaal kom hulle veral voor by Partisiepie. Vgl.: *De ramen opengeschoven en de gordijnen opgehaald zaten zij voor een ieder te kijk.* ²⁾

Die korter bepalinge sonder Prep., wat oorspronklik meerendeels plaasbepalinge was, kan ook vir 'n deel op ouer Genitiewe en Akkusatiwe teruggaan, maar die bestaan van die verbindingstiepe sonder Voorsetsel kan ook veroorsaak dat nuwe uitdrukkinge na dieselfde model gevorm word naas ander met Preposiesies. Vgl. vir Ndl. b.v. die samestellinge: *kaartspelen, pianospelen* ens., *schaatserijden, paardrijden*, ens., *zaklopen, schuitjevaren, schoolgaan, schoolblijven, scheepgaan*, (< te schepe gaan).

Ook tussen die bepalinge van middel en manier is die grens vlottend. As die gevoel daarvoor dat die bepaling dien om 'n middel uit te druk nog min of meer lewendig is, dan is die gebruik van 'n Voorsetsel verplig. Vgl.: *Hy eet lang-tande* met *hy eet met lang tandes*. So moet ook van 'n Voorsetsel gebruik gemaak word in: *Hy gee met milde hand; hy gaan te voet*, ens.

¹⁾ Vgl. Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, §§ 256-7; Paul, *Deu. Grammatik* III, § 251; § 239; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 171; Van der Veen, *Taal eigen*, § 127; Van Helten, *Vondel's Taal*, § 259, c en i.

²⁾ Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, bls. 114.

Van ander oorsprong is uitdrukkinge soos *die perd ry 'n bars* (= goed), *die nooi sing 'n hou* (= mooi). Hulle moet teruggaan op uitdrukkinge soos: *hy slaan 'n bars*, *'n hou* waar die resultaat van die handeling tewens die indruk 'goed', 'geweldig' ens. wek.¹⁾ (Vgl. § 241).

251. (ð) 'n Bepaling van graad. Vergelyk:

Hy was in hoë mate gelukkig;

Dit was 'n weinig beter.

252. *Geskiedkundig.* Die konstruksies sonder bindwoord gaan terug op bepalinge van omvang, waarmee dit in betekenis nou verwant is.

Posiesie van die Preposiesie.

253. Dat die bindwoorde wat 'n oorgang vorm tussen Bywoorde en Preposiesies na die Substantief of Pronomen staan, is reeds aangetoon. Soos die naam te kenne gee, kan die Preposiesies (Voorsetsels) egter ook voor die Substantiewe, Pronomina of Adwerbia staan. Die voorplaatsing is egter geen noodwendige eienskap van hierdie woordklas nie, hoewel dit baie veelvuldig voorkom. Vgl.: *Ons gaan na die dorp; ons bly by die huis; hy spring in die water;* met samegestelde Preps.: *hy kom vanuit die huis; hy het vanaf die eerste dag gesukkel*, ens.

254. As daar meer as een Preposiesie is, kan hulle gedeeltelik voor en gedeeltelik agter die bepaalde woorde (Subst., Pron., Adw.) staan (Circumposiesie). Vgl.: *Hy loop teen die berg op; hy kyk by die venster uit; hy spring van die wal af; en stap in die slootjie langs af na die sandsloot* (Oerwoud, bls. 9); *het sy vurige vos hom gedra tussen die vyand se lyne heen* (Vergeet Nie, bls. 196); *sput vir hom gif onder sy vel in* (Ons Weg, bls. 251). Soos uit hierdie voorbeelde blyk kan die agtergeplaaste Prep. nog dikwels opgevat word as samegaande met die Ww. Dan is voor-geplaaste Prep. + Subst. bepaling van die agtergeplaaste

¹⁾ Du Toit, *Afr. Studies*, bls. 81; Bosman, *Ontstaan van Afr.*, bls. 82.

Prep. Maar daarnaas is dit moontlik om voor- en nageplaaste Prep. same te beskou as een samegestelde woord met die Subst., Pron. of Adw. tussen die lede. Vgl. b.v.:

Van verlede jaar af is hy hier.

Ek sal na jou toe kom.

Grommend stap hy tussen hulle deur na die water toe
(Oerwoud, bls. 50).

'n Mens kan jou nie versit teen die magte wat bo en buite jou om werk nie (Vergeet Nie, bls. 36).

Moet ons kortliks ons volksgeskiedenis van sy begin af volg (E. Skrywers, bls. 102).

Hy kom met die pad saam (E. Skrywers, bls. 114).

(As bindwoord tussen Subst. en Pron.): *Toe sy vir Jiem sien aankom met die honde agter hom aan* (Duimpie II, bls. 45).

Vir vbb. van 'n Bywoord tussen die twee lede sie § 333.

Opm. Deur 'n merkwaardige verskuiwing in die geleding het die Voorsetsel *om... ontwil* ontstaan. In Ndl. smelt die Datief van *wil* na *om* same met 'n Besitlike Vnwd. wat daartussen staan. Die Besit. Vnwd. gaan dan uit op *-en*, gevolg deur 'n *t* wat deur fonetiese oorsake daaragter ontwikkel het. So ontstaan *om mijnentwil(le)*, *zijnentwil(le)* ens. Deur onbekendheid met die ouer fleksievorme het die Afrikaanse taalgevoel egter die buigingsuitgang van die Besit. Vnwd. by die Subst. gegroepier en dus die nuwe eenhede: *om my ontwil*; *om sy ontwil*, ens. gekry, en vervolgens is ook Substantiewe en Pers. Vnwde. tussen *om... ontwil* gebruik. In Afrikaans kan *om... ontwil* dus opgevat word as die twee lede van 'n Preposiesie, Vgl.: *om die liewe vrede ontwil*; *om hom ontwil*; *om die skape ontwil* ens. Maar daarnaas is dit ook moontlik om *ontwil* op te vat as 'n Substantief en *my*, *sy*, *ons*, *hulle* ens. as Besitlike Vnwde. Vgl.: *om sy kinders hul ontwil* (Getrou, bls. 24). Vir die kwaliteit van die Afr. vokaal, vgl. b.v. Afr. *hom* naas ouer Ndl. *him*, (waarnaas ook *hum*, Gron 'om); Afr. *bokkom*, Ndl. *bokkem* (naas *bokkum*).

Wel nie sonder invloed van die Duitse *mitsamt* nie, wat in die sewentiende eeu goed bekend was as leenwoord in Nederlands, het in Afrikaans *met... saam* ontstaan, waarskynlik onder die medewerkende invloed van samegestelde Ww. met *same-*, soos: *samegaan*. In die Boland word hierdie Prep. nie alleen gebruik om begeleiding uit te druk nie, maar ook om 'n middel aan te

gee. Vgl.: *Hy het hom met die mes saam gesny*. Of Mal. *sama* meegewerk het tot hierdie uitbreiding van sy gebruiksfeer en of die innerlike betekenisverwantskap van die tweërlei gebruik alleen verantwoordelik is daarvoor, is 'n betwiste punt wat ek aan andere oorlaat om uit te maak of onbeslis te laat.¹⁾

255. In Afrikaans kom dit dikwels voor, dat die twee dele van die samegestelde Preposiesie gelykluidend is. Soos by ander samegestelde Preps. is dit egter dikwels moontlik om die een deel te beskou as samegaande met die Ww. en die ander gelykluidende deel as samegaande met die Subst. Vgl. b.v.:

Di frind is glad uit di pad uit (gesiteer in 'Het Afrikaansch').

Ou Sors kom op die platvorm op (Ons Weg, bls. 250).

Wat nou uit die dokters se hande uit in die kosters s'n inval (Ons Weg, bls. 253).

Hoe wil pen en ink dit uit ons bloed so gemaklik uitkry? (E. Skrywers, bls. 71.)

256. Sinne van hierdie aard vertoon 'n algemeen gebruiklike konstruksie in Afrikaans, hoewel verbindings met 'n enkele Preposiesie nog daarmee om die heerskappy stry. Anders is dit gesteld met die volgende groep voorbeelde, wat 'n uitbreiding van die konstruksie vertoon wat enkel sporadies voorkom en wel in die mond (pen) van naïewe sprekers (skrywers) wat meer behoefte voel aan nadruklikheid:

Aja Hanna, dis oor my arme siek moeder wat ek die meeste oor verdrietig is (Spoke, bls. 23).

Dit is werklik La Fontaine, maar in 'n toestand soos sy hom nooit in gesien het nie (Getrou, bls. 93).

Aan hierdie gebeurtenis is daar 'n belangrike geskiedenis aan verbonde (Die Deurkyker, Febr. 1923, bls. 6).

257. *Geskiedkundig.* Hierdie soorte herhalinge in Afrikaans het al eerder die aandag getrek en na verklaringe daarvan is dan ook reeds gesoek. Prof. Hesseling vergelyk dit met die herhaalde *nie* en noem dit 'n „nadrukkelijke wijze van

¹⁾ Sie: Hesseling, *Het Afrikaansch*, blss. 114-5; Bosman, *Afr. en Mal. Port.*, blss. 81-3; Hesseling, *Een Afrikaanse Dissertatie* (N. Taalg. X); Paul, *Deutsches Wörterbuch* onder *mit*.

spreken", dog verder wil hy hom daar nie oor uitlaat nie. „Of de Afrikaners dit gebruik aan een andere taal ontleend hebben, of dat het een product is der spontane ontwikkeling hunner eigen taal, moet ik onbeslist laten". Dr. Bosman het daar dieper op ingegaan en daarop gewys, dat van die oudste tye af die Adverbium van 'n werbale samestelling, as Preposiesie herhaal word, soos in: Goties *usgaggan us*, Lat. *exire ex*, Gr. *εἰσέρχουμι εἰς*, ens. Hy het daarop gewys dat sinne soos: *hy loop uit die huis* en *hy loop die huis uit*, kan deurmekaarloop en dus aanleiding gee tot: *hy loop uit die huis uit*. Hy meld verder dat hy in Nederlands gehoor het: *ik zag hem uitkomen uit zijn huis*. Om te bewys dat hierdie konstruksies nie vreemd is aan die Nederlandse taalgees nie,¹⁾ siteer ek ter aanvulling nog die volgende sinne:

In 't groote huys-boeck ben ick dapper in ervaren (Bredero I, bls. 261).

Om het werk in deelen van eene evenredige dikte te kunnen laten inbinden (Berkhey).²⁾

In dat huis, dat de ontvanger nu verkocht heeft, in dat huis daar ben ik vaak in geweest (De Vries, *Dysmelie*, § 21).

Lateren leven zich meer in de stof in (N. Rott, *Courant*, Avondblad A, 16-6-'23).

Dit wil my voorkom, dat veral die neiging van die Werkwoord om — soos in die tweede en vierde vb. gebeur het — 'n samestelling te vorm met die Adverbium (Preposiesie) en dit na sy onmiddellike nabyheid aan te trek, aanleiding gegee het tot die kontaminasie wat hierdie herhaling ten gevolge het. Daarby moet die talryke gevalle waar 'n Werkwoord — met die rigtingswerkwoorde as uitgangspunt — deur middel van 'n Adverbium en 'n andersluidende Preposiesie (of twee verskillende Preposiesies) met 'n Substantief verbind word, 'n sterk analogiewerking uitgeoefen het. Sowel by hierdie gevalle as by die gelyk-

¹⁾ Vir talryke Platduitse vbb. sie: Meyer, *Unsere Plattd. Muttersprache*, bls. 85.

²⁾ *Ndl. Wdb.* VI, 1472.

lydende Adw. en Prep. (of twee Preps.) bestaan daarnaas die neiging om samestellinge met mekaar te vorm. Vandaar sinne soos: *hy lê in die water in*. Daar moet egter 'n bepaalde oorsaak gewees het waarom hierdie konstruksie wat so seldsaam is in Nederlands, so 'n grote uitbreiding gekry het in Afrikaans. Dr. Bosman het reeds daaraan getwyfel of die woord kreolisme in hierdie geval gewettig is en ook vir my is daar niks spesifiek Kreools in die konstruksie nie, maar in die algemeen moet die feit dat groot getalle vreemdelinge die taal van die Hollanders aan die Kaap oorgeneem het, sulke kontaminasies in die hand gewerk het. In die besonder kan die inwerking van Hoogduitse sinne met *aus ... heraus, auf ... hinauf, in ... hinein* en Platduitse met *ut ... rut*, ens. 'n belangrike rol gespeel het.¹⁾

(f) *Verbinding met of sonder Konjunksie.*

258. Met behulp van *as* word die hoedanigheid uitgedruk waarin die inhoud van die grammatiese Subjek 'n handeling of toestand verrig of ondergaan. Die Substantief wat op dié manier met die *Ww.* verbind word, staan dus in betrekking sowel met die grammatiese Subjek as met die Werkwoord. Vgl.: *Hy het as held gesterwe*. Verbindinge sonder bindwoord om hierdie verhouding uit te druk soos: *Hy het 'n held gesterwe*, is tans verouderd en kom enkel nog voor in taal wat onder Engelse invloed staan.

259. Verplig is die gebruik van die bindwoord *asof*, as te kenne gegee word dat die veronderstelde hoedanigheid g'n werklikheid is nie: *Hy loop asof 'n koning*. Deur *asof* kan ook te kenne gegee word dat verskillende verhoudinge wat deur middel van Preposiesies uitgedruk word nie in werklikheid bestaan nie. Vgl.: *Sit hy asof half aan die slaap* (Misdade, bls. 164). In die spreektaal word in sulke gevalle egter Bysinne gebruik: *asof hy 'n koning is; asof hy half aan die slaap is*.

¹⁾ Vgl. Hesseling, *Het Afrikaansch*, bls. 118; Bosman, *Afr. en Mal-Port.*, blss. 84-86; Bosman, *Ontstaan van Afr.*, bls. 136.

260. Verbindinge met *as* by refleksiewe Werkwoorde kan ook opgevat word as voltooiing van die Werkwoord. Vgl.: *Ek onderteken my as u dienswillige dienaar*. Noodwendig word hierdie opvatting wanneer *as* ontbreek.

261. Deur middel van *soos* en *nes* en in literêre taal, onder Nederlandse invloed, ook van *as*, word twee maniere van handel of twee toestande vergelyk en gekonstateer dat hulle ooreenkom. Vgl.: *Hy skop soos (nes) 'n perd; daarom praat ek nie so malkop soos julle nie* (Na Olikheid, bls. 7); *ek haat hom soos die pes*.

262. In 'n beperkte aantal uitdrukkinge word geen bindwoord gebruik nie. Die uitdrukkinge neem dan die geaardheid van samestellinge aan. Vbb.: *Hulle lê lepel, velling, soutsak; hy ry knipmes*.

263. *Geskiedkundig*. Daar die bepalinge 'n manier sowel as 'n vergelyking aangee, kan veronderstel word dat die korter uitdrukkinge sonder bindwoord ontstaan het na analogie van die bepalinge van manier wat sonder bindwoord uitgedruk word (§§ 248-9). *Hy ry knipmes* moet dan beskou word as 'n kontaminasieproduk wat as voorlopers gehad het uitdrukkinge soos: *die perd loop knipmes; hy sit knipmes*, ens. Met die Afrikaanse uitdrukkinge kan uit sewentiende-eeuse Nederlands vergelyk word: *brilzien* en *brilkyken*, wat verklaar word as ontstaan uit *als door een bril zien*.¹⁾ Hierdie uitdrukking en *pruimzien* bestaan nog op Suid-Beveland.

'n Ander verklaring gee Prof. Hesseling. Uitgaande van 'n opmerking van Schuchardt, verklaar hy: „Uit tal van uitdrukkingen blijkt dat het Afrikaansch, evenals het Maleisch-Portugeesch, menigmaal de woordsoorten geheel anders gevoelt of van elkander onderscheidt dan de Europeesche talen. Zoo is in de volgende uitdrukkingen... een substantief als adverbium gebruikt, waar wij adverbiale uitdrukkingen zouden

¹⁾ Vgl. Aant. v. Eymael op Huygens se *Trijntje Cornelis*, vs. 367; Bredero, *Spaansche Brabander*, vs. 789; Ndl. Wdb. III, 1387.

verkiezen." En dan volg die genoemde voorbeelde. Misleid deur die algemeenheid van hierdie bewering, verhef Dr. du Toit selfs die deureenloop van die woordsoorte tot 'n „algemeen kenmerk van het Kreoolsch" en gee dan 'n lys van woorde wat in Afrikaans tot 'n ander woordsoort behoort as in Nederlands. Op die foute wat in die lys voorkom hoef ons hier nie te wys nie, en ons stip net maar die feit aan dat, soos te verwagte was, die lys in die verste verte nie volledig is nie. Maar waarom die deureenloop van die woordsoorte nou juis 'n kenmerk van Kreoolse tale moet wees, is iets wat bo my vuurmaakplek gaan. 'n Mens sou sonder vrees vir 'n skadepos 'n medaljie kan uitlowe aan die geleerde wat 'n taal kan ontdek, waarin geen woorde in die loop van tyd van die een klas oorgeloop het in die ander nie. Om Kreolisering van Afrikaans te bewys, moet 'n mens die bepaalde analoga wat in die bepaalde geval in 'n bepaalde kreoliserende taal aanwesig was, aantoon. Dit is dan ook die metode wat Schuchardt konsekwent toepas as hy die Maleise invloede in Maleis-Portugees wil aantoon. Die metode wat van algemeenhede uitgaan, het hom dan ook op ironiese manier gewreek, want van die voorbeelde wat Prof. Hesseling en Dr. du Toit aanhaal om die kreolisering van Afrikaans aan te toon, is sommige, soos die *Ww. tolk* en die *Subst. sny*, ook Nederlands.

Wat nou *lepellê* ens. betref, om te bewys dat hierdie oorgang van Substantief (ofte wel adwerbiale uitdrukking) tot Adverbium onder Mal.-Portugese invloed ontstaan het, word verwys na die voorbeeld van Portugese Substantiewe wat in Mal.-Portugees as Bywoorde gebruik word. Die voorbeelde wat Schuchardt gee is vier in getal. Daarvan kom een, *milager*, 'selden', sonder konteks in 'n woordelys voor. Van die ander drie: *forsa*, 'hurtig'; *'kumesu*, 'anfangs', 'zuerst'; *sertedja*, 'gewiss', bevestig die verband, wat reeds uit die betekenis duidelik is, n.l. dat hulle geen parallel vorm met Afr. *lepel*, *velling* ens. in die gemelde uitdrukkinge nie. Tog is ook Dr. Bosman bereid om hier 'n kreolisme in

Afrikaans te erken, omdat daar „geen analogon in Hollands te vind is nie”. Ek kan alleen maar sê, dat 'n beter analogon as Ndl. *brilzien* tot nog toe in geen kreoliserende taal wat in aanmerking kom, aangewys is nie.¹⁾

(2) Die Werkwoord is 'n relatiewe begrip.

(a) *Verbinding deur middel van 'n kasus-uitgang.*

264. Die Genitief wat in ouer vorme van Germaans veel voorgekom het as nominale voltooiing van 'n werbaal-begrip,²⁾ is in Afrikaans nog enkel verteenwoordig deur 'n paar vorme van die Pers. Vnwd., wat enkel na die Imperatief en wel in Bybelsgekleurde taal gebruik word: *gedenk myner, ontferm u syner, erbarm u hunner*, ens. Op dergelike vorme as voltooiing van Adjektiewe is reeds gewys (§ 186). Die ander verboë vorme van die Pronomina is alleen nie vol-doende om 'n betrekking aan te dui nie; hulle gehoorsaam aan dieselfde wette wat betref woordorde en aksent as die Substantiewe, wat reeds heeltemal sonder kasusfleksie is, en word dus ook daarby gegroepeer.

(b) *Verbinding sonder vormwoord.*

265. (α) Deur middel van hierdie verbinding word 'n resultaat uitgedruk. Hoewel daar geen skerp grens kan getrek word nie, kan ons tog onderskei tussen die resultaat van 'n (oorwegend) fisieke werksaamheid: *Sy bak 'n brood; hy beu 'n huis; die boom gooi 'n skadewee* en die resultaat of inhoud van 'n (oorwegend) psigiese werksaamheid: *hy dink dit; hy glo die storie; hy verwag 'n ongeluk*. Op die grens staan dan begrippe soos: *sê, leer*, ens. Vgl.: *Waar het u so goed geleer Frans praat?* (Getrou, bls. 131.)

¹⁾ Hesseling, *Het Afrikaansch*, blss. 113-4; Du Toit, *Afr. Studies*, blss. 80-3; Bosman, *Afr. en Mal. Port.*, bls. 79; Bosman, *Ontstaan van Afr.*, bls. 82; Schuchardt, *Kreolische Studien* IX, bls. 205.

²⁾ Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, §§ 258-270; Paul, *Deu. Grammatik* III, §§ 246-8; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 160-4.

266. (β) Met hierdie verbindingstiepe word ook 'n maat, prys of gewig uitgedruk. Vgl.: *Dit meet 'n el; dit weë, kos, twee pond.*

267. Die resultaat van die werksaamheid hoef egter nie genoem te word nie. Dan druk die Werkwoord-alleen 'n voltooide begrip uit. Vgl.: *Hy bak, bou, graawe, skrywe, dink* ens. Op dieselfde manier kan *dit weë* 'n voltooide begrip wees.

(c) *Verbinding deur middel van 'n Preposiesie.*

268. 'n Aantal Werkwoorde word steeds deur middel van 'n vaste Preposiesie met die nominale voltooiing verbind. Die nomen druk dan die verwyderde of enkel aangeraakte doel uit waarop die handeling gerig is. Vgl.: *kyk na, dink aan, begin met, glo aan iets.*¹⁾

269. *Geskiedkundig.* Hierdie Werkwoorde het vroeër meestal 'n Genitief geregeer.²⁾ Uit sulke konstruksies van Ww. + Gen. het egter ook verbindings sonder Preposiesie, met die Substantief in die onveranderlike vorm en die Pronomen in die verboë vorm, ontstaan. Vgl. b.v. nog: *ek glo die storie naas ek glo aan die storie; ek vra vergifnis naas ek vra om vergifnis; ek eet van die vleis naas ek eet vleis; hy geniet van die geselligheid naas hy geniet die geselligheid; ek soek daarna naas ek soek dit.*

270. Voor die Infinitief word gereeld gebruik gemaak van die vaste Prep. *om te* (Vgl. §§ 176 en 198). In Afrikaanse geskrifte tref 'n mens egter ook dikwels, onder Ndl. invloed, verbindings met enkel *te aan*. Vgl.: *Maar die regering het nie daarin geslaag nie om meer koloniste te belet aan te sluit by die noordwaartse beweging* (Boervrouw, bls. 78). Enkel die woorde *sien, hoor en voel* bepaal 'n Infinitief sonder *om te* of *te*: *ek het hom sien kom*, ens. Die betekenis van *leer* kan deur 'n Ww. met of sonder Prep. voltooi word: *hy leer om perde te beslaan* of *hy leer perde beslaan.*

¹⁾ Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* 1, blss. 66-9.

²⁾ Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaksis*, §§ 160-3.

Dis opmerklik dat juis hierdie woorde ook in 'n ander opsig met Hulpww. ooreenkom, n.l. dat hulle in die Infinitief optree as die voltooiing bestaan uit 'n Inf. in tydsvorme wat gevorm word met Hulpww. wat anders die Verl. Deelwd. beheers. Vgl.: *Hy het net die geraas van die vlerke gehoor en die swart skim sien verby gly* (Duimpie I, bls. 34). Tog hoor 'n mens ook taamlik dikwels die Verl. Deelwd. in sulke gevalle. Vgl.: *Wat van kleins af Afrikaans geleer lees en skrywe het* (E. Skrywers, bls. 51). Myns insiens word *ge-* dan gevoel as behorende by die voltooiinge sowel as by die woord waaraan dit onmiddellik geheg is.

271. In Afrikaans word baie van hierdie Preps. vervang deur *vir* as die voltooiing 'n persoon is of as dit 'n ander lewende wese of 'n saak is met baie aktiwiteit. Dan kan daarnaas soms ook verbindings sonder Prep. optree. In sommige gevalle waar Ndl. 'n ander Prep. het, is *vir* alleen in Afrikaans gebruiklik. Vgl.: *Hy is kwaad vir my; ek kyk vir jou naas ek kyk na jou; spot vir my naas spot met my en spot met 'n ernstige saak; hy lag vir die grap; hy wag vir tyding; die boek het weggeraak maar ons het vir hom gesoek en gekry*. Vgl. Opm. by § 274. In literêre Afrikaans is in die laaste jare ook die verbinding van *kyk* met 'n inaktiewe voltooiing sonder gebruikmaking van *vir*, ingevoer. Vgl.: *Kyk 'Woordelys'* (Malherbe, Afr. Taalboek, bls. 27 en passim); *kyk no. 21* (Afr. Woordelys, bls. VIII).

272. In die Passief word die Preposiesie gewoonlik by die Substantief gegroepeer: *aan die verhaal is getwyfel*. In Engels gaan die Prep. in die Passief same met die Werkwoord en staan daaragter: *the matter is being paid attention to*. Ook in gesproke Nederlands kom dit af en toe voor, dat die Prep. in sulke sinne na die onmiddellike nabyheid van die Ww. geattraher word, maar dan daarvoor staan; daarby staan die Akkusatief van die Aktiewe sin in die Nominatief. Vgl.: *Hij is overal naar gezocht; de kachel hoeft niet om gedacht te worden*. Dieselfde verskynsel kom o.a. ook in Sweeds voor. Die volgende sinne kan dien om

te bewys dat die verskynsel ook nie onbekend is in Afrikaans nie, hoewel die Passief — altans in die gesproke taal — maar min gebruik word:

Stoom is mé gespot. Gaslig is mé gespot (E. Skrywers, bls. 30, gesiteer uit 'Di Patriot').

Persone is onderhoude aan toegestaan (Pers).

Vir my gevoel word die Subst. in hierdie sinne tog nog enkel deur die Prep. bepaal en nie deur Ww. + Prep. nie.¹⁾

(d) *Verbinding met of sonder Preposiesie.*

273. Die Substantief wat die doel uitdruk waarop die handeling gerig is, kan met of sonder Prep. met die Werkwoord verbind word. Ons kan onderskei tussen 'n doel wat deur die handeling werklik bereik of geheel omvat word en 'n doel wat meer verwyderd is en hoogstens aangeraak word.²⁾

274. By 'n doel van die eerste soort hoef geen bindwoord gebruik te word nie, maar die Preposiesie *vir* kan gebruik word as die doel 'n persoon is of 'n ander lewende wese — en soms 'n saak — wat groot aktiwiteit aan die dag lê. Vgl.: *ek sien hom* of *ek sien vir hom* maar: *ons slag die os*, waarnaas egter kan voorkom: *die os was baie wild* maar *ons het darem vir hom geslag*. As 'n Voornwd. voorafgegaan word deur 'n Bywoord is *vir* noodsaaklik: *Jy moet nie vir hom slaan nie; ek sal gou vir hom reghelp*.

Opn. Die bowestaande uiteensetting moet teweens dien om my eie vroeëre bewoording,³⁾ wat op die van Dr. Bosman gebaseer was, te verbeter. Dr. Bosman sê: „So 'n omskrywing' van die 4de naamval.... is in Afrikaans moontlik (nie noodsaaklik nie), alleen wanneer die objek 'n persoon is'“ en

¹⁾ Vgl. De Vries, *Opmerkingen over Nederlandsche Syntaxis*, (Tijdschrift XXIX); De Vries, *Naar Aantleiding van Twee Hollands-Engelse Parallellen* (N. Taalg. XIII); Kooistra, *Twee Hollands-Engelse Parallellen in de Syntaxis* (N. Taalg. XIII); Kooistra, *Nog eens Twee Hollands-Engelse Parallellen* (N. Taalg. XIII); Wellander, *Over den Datief als Subject van een Passieve Constructie* (N. Taalg. XIV).

²⁾ Naar Sütterlin, *Deu. Sprache*, bls. 189 en bls. 354.

³⁾ *Handleiding in het Afrikaans*, bls. 56.

⁴⁾ *Afr. en Mal.-Port.*, bls. 87.

inderdaad is ander as persoonlike objekte van die bedoelde soort met *vir* seldsaam, maar onmoontlik is hulle nie. In 'n sin soos: *Karel ry vir Bles* [die naam van 'n paard] (Misdade, bls. 78) kan ek niks onafrikaans voel nie. Daarenteen klink: *Anna lei vir haar broer* [’n blinde] *waar nodig is* (Misdade, bls. 139) vir my en vir verskillende ander Afrikaners wat ek daaromtrent ondervra het, hoewel nie vir almal nie, ongewoon. Sterker as by persone is die gebruik van *vir* egter by diere afhanklik van hulle aktiwiteit of weerstand. Vgl. nog: *Ek het langes die pad ’n koel gesien*, met: *die koel het probeer wegkruip agter die bos maar ek het vir haar darem gesien*.

275. 'n Doel van die tweede soort word met of sonder behulp van 'n Prep. uitgedruk as dit die enigste voltooiing van die Ww. is: *antwoord my* of *vir my*; *antwoord jou vader* of *antwoord vir jou vader*. As daar ook nog 'n doel van die eerste soort is, dan kan die doel van die tweede soort met of sonder Prep. gebruik word as dit eerste staan, maar is die bindwoord nodig as dit tweede staan: *Skrywe (vir) my ’n brief* maar *skrywe ’n brief vir my*.

276. Omsetting in die Passief van hierdie soort objek is seldsaam maar nie onmoontlik nie. Vgl. b.v.: *Hy is ook op die partytjie gevra*; *die lede word versoek om aanwesig te wees*; *hy het nooit ondervind wat dit is om onreg aangedoen te word nie*.

277. *Geskiedkundig*. In ander Germaanse tale word die eerste soort doel gewoonlik die direkte, en die tweede soort die indirekte objek genoem. In Afrikaans is daar te weinig formele verskille om hierdie onderskeiding te kan volhou. Die tweede soort doel gaat, vir so ver as dit nie tot die vorige verbindingstiepe gereken moet word nie, terug op 'n ou Datief. By baie Ww. wat vroeër 'n Datief geregeer het druk die voltooiing vir ons teenswoordige taalgevoel egter 'n doel van die eerste soort uit.¹⁾

'n Eienaardigheid in die ontwikkeling van Afrikaans is die sterke toeneming van die gebruik van *vir*. 'n Mens kan sê dat dit die algemene partikel is voor persoonlike objekte

¹⁾ Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 172-8.

en ander objekte met groot aktiwiteit vir so ver as daarby gebruik gemaak word van bindwoorde. Ter verklaring is gedink aan 'n analogiese uitbreiding van die gevalle waarin *vir* (Ndl. *voor*) reeds voorgekom het. Immers in Ndl.: *ik schrijf aan hem en ik koop 't voor hem* het *voor* en aan dieselfde funksie. 'n Mens sou ook nog die Thüringse: *er sagte vor mich*¹⁾ met die algemeen Duitse: *er sagte zu mir* kan vergelyk. Sulke analogie-werkinge speel 'n belangrike rol waar groot getalle vreemdelinge 'n taal aanleer. So het *na* in Negerhollands voor indirekte objekte 'n hele boel ander Voorsetsels verdring.²⁾ Maar 'n mens sou verwag dat ook in Afrikaans die analogie dan beperk sou wees tot indirekte objekte, en buitendien regvaardig die voorkom van vorme soos Mal.-Port. *respondir per mi*, 'antworte mir' en Asiaties Port. *da per mi pāo*, 'gib mir Brod' die vermoede dat 'n bepaalde taal verantwoordelik kan wees daarvoor, dat juis *vir* sy gebruiksfeer so uitgebrei het. Dié vermoede word versterk as ons ook let op die uitbreiding tot die direkte objek.

Die direkte objek (doel van die eerste soort) het oorspronklik in die Akkusatief gestaan. Deur afslyting van die kasusuitgange en ander oorsake het wel 'n aansienlike aantal Ww. wat vroeër 'n indirekte objek beheers het, in die loop van tyd ook oorgestaan tot die klas wat 'n direkte objekt neem; maar die omgekeerde proses kom haas nie voor in ander Germaanse tale nie. Voorbeelde van Ww. wat oorspronklik 'n Akkusatief geregeer het en later 'n Datief of 'n preposiesionele verbinding is uiters seldsaam.³⁾ Anders is dit gesteld met die Romaanse tale. Dié kan in hierdie opsig verdeel word in twee groepe. Terwyl Frans, Italiaans en Provençaals die „passiewe” objek sonder behulp van bindwoorde uitdruk, maak Spaans gebruik van *a* en Roemeens van *pe, pre* (< *per*)

¹⁾ Schuchardt, *Kreol. Studien* IX.

²⁾ Hesseling, *Het Negerhollands*, bls. 113.

³⁾ Vir enkele vbb. in Duits sie Sütterlin, *Deu. Sprache*, bls. 356; Paul, *Deu. Grammatik* III, bls. 272, gee vbb. wat tewens 'n gewysigde betekenis verteenwoordig: *klopfen an, schlagen auf*, ens.

by persoonlike objekte ¹⁾ en in Portugees kan a by 'n aantal werkwoorde gebruik word, veral as dit om persone te doen is. „a Muss gebraucht werden, wenn ohne die Präposition der Akkusativ für den Nominativ gehalten werden könnte“. ²⁾

Dit is seker merkwaardig dat Afrikaans in hierdie opsig nie met die Germaanse tale saamgaan nie, maar met 'n deel van die Romaanse. Gewoonlik word as verklaring van die verskynsel in die Romaanse tale van die tweede groep aangeneem, die neiging om nooit 'n lewende wese as geheel passief of inaktief voor te stel nie. ³⁾ Daarmee gaan egter same, dat die moontlikheid om grammatiese Subj. en Objek te verwar selde voorkom behalwe waar albei lewende wesens verteenwoordig.

Moet ons nou aanneem dat dieselfde toestand in Afrikaans ontwikkel het uit die behoefte om dubbelsinnigheid te vermy in sinne soos: *die man sien die kind?* Die moontlikheid is nie uitgeslote nie, hoewel Afrikaans ook op 'n ander manier differensieër tussen die twee moontlike opvattinge, want as 'die man' grammatiese Subjek is word die sin sonder onderbreking uitgespreek, maar as dit Objek is word na 'man' gepouseer en kry hierdie woord 'n sterker aksent. Maar as dit aanleiding was tot die nuwe konstruksie, dan sou 'n mens verwag dat die gebruik van *vir*, altans in sulke sinne, verplig sou wees, en dit is nie die geval nie.

Dit is aan die hand gegee, dat die verskynsel in Afrikaans deur Hottentots-Afrikaans beïnvloed kan wees. Maar van die drie Hottentots-Afrikaanse sinne wat Dr. Bosman in hierdie verband uit Dr. T. H. le Roux se „Beschrijvende Klankleer“ aanhaal, is die gebruik van die Voorsetsel in die eerste twee: *ek lê soek na 'n frou* en *ek vraag an di man*, soos Dr. Bosman self opmerk, „nie vreemd aan die Hollandse taalgees nie“ en in: *die boer het mos fer ons uitgeoorlê*, is

¹⁾ Zauner, *Romanische Sprachwissenschaft* II, blss. 121-3; 125-6.

²⁾ Louise Ey, *Portugiesische Konversations-Grammatik*, blss. 311-2.

³⁾ Schuchardt, *Kreol. Studien* IX, blss. 225 vlgg.; Zauner, *Rom. Sprachwissenschaft*, blss. 125-6.

die gebruik van *fer* nie Hottentots nie, maar gewoon Afrikaans. In Hottentots word wel onderskei tussen die direkte en die indirekte Objek. Die partikel *ba* word alleen by die laaste gebruik.¹⁾ En ook die Kaffertale van die Suide gebruik geen partikel by die direkte Objek nie; dieselfde kan ons dus ook wel veronderstel van die tale van die Negerlawe.

Dan bly oor Maleis-Portugees. In hierdie taal word *per* nie alleen soos hierbo aangetoon, dikwels voor die indirekte Objek gebruik waar Afrikaans *vir* gebruik nie, maar ook by die direkte Objek kom dit voor, dog „wie es scheint nur bei personalen Pronominen“. Dus: *mi mirar per ellu* = 'ich sehe ihn', maar daarnaas word ook vermeld: *mi gustar per ellu* = 'ich koste ihn (näml. den Thee)'. Die gebruik kom dus min of meer ooreen met die Afrikaanse.

Dat Mal.-Port. *per* gebruik, en nie *a* soos Portugees nie, kom, soos Schuchardt aangetoon het, deur die invloed van Mal. *pada*.

Die dubbele gelykenis tussen die klank en die gebruik van Afr. *vir* en Mal.-Port. *per* maak 'n toevallige ooreenkoms enkel deur analogiese uitbreiding van die gebruik van *vir* in Afrikaans, onwaarskynlik, en die verklaring van Prof. Hesseling, wat reeds deur Schuchardt aan die hand gegee was, seer aanneemlik.²⁾

278. By veel Ww. word die voltooiing, as dit 'n deur 'n Prep. ingeleide Infinitief is, geantisipeer deur 'n Vnwd. of 'n voornaamwoordelike Bywoord, b.v.: *Hy waag dit om dit te sê*. Die verbinding kan egter, net soos wanneer die Objek 'n bysin is, ook sonder die antisipasie tot stand kom. Vgl.: *En wie sal my terughou van my plig te doen?* (Vergeet Nie, bls. 30).

In 1834 sien ons die vrouw ... waag om die vreemde wildernis in te gaan (Boervrouw, bls. 72).

¹⁾ Meinhof, *Lehrbuch*, bls. 64; Planert, *Handbuch*, blss. 7-8.

²⁾ Schuchardt, *Kreol. Studien* IX, blss. 225 vlgg.; Hesseling, *Het Afrikaansch*, blss. 115-6; Bosman, *Afr. en Mal.-Port.*, blss. 86-9; Bosman, *Ontstaan van Afr.*, blss. 89-90.

279. Werkwoorde wat gewoonlik voltooi word deur die doel waarop die handeling gerig is, kan ook as voltooide begrippe voorkom. Vergelyk :

'n Aaklige gedagte ... wat sy met geweld probeer wurg het, sonder om te slaag (Vergeet Nie, bls. 18).

Wel dit kom nou nie op aan nie, met watter doel die wapen gedra was nie (Vergeet Nie, bls. 174).

En daar hy die later politiek van die „patriot” wil verdedig en moeilik sal regkry, so stap ons verder aanmerking liewers verby (E. Skrywers, bls. 129).

Ek moet nie laat sy agterkom dat ek te bang is om self te gaan haal nie [verstaan 'die kepsie'] (Duimpie II, bls. 24).

Laat staan tog maar liewers (Duimpie II, bls. 31).

Teenoor Ndl. *Ik geef daar niet om*, staan in Afrikaans as algemeen gebruiklike vorm: *ek gee nie om nie*.

280. Besondere vermelding verdien die refleksiewe en die resiprokale Werkwoorde. By die Refleksiewe Werkwoorde het die grammatiese Subjek en die Objek betrekking op dieselfde persoon, dier, voorwerp, ens. By die Ww. *hom skaam*, *hom bekommer*, ens. is geen ander Objek as een van hierdie soort moontlik nie. Dié Ww. het dan ook samegegroei met die pronominale vorme tot 'n kompositum en kan nie daarsonder gebruik word nie. 'n Sin soos die volgende: *Sonder dat hulle nodig het om te skaam* (E. Skrywers, bls. 99) is geen gebruiklike Afrikaans nie. Ander Ww. kan egter refleksief of nie-refleksief gebruik word. Nou is dit opmerklik dat hierdie klas dikwels as volbegrippe gebruik word, ook as die handeling op die gr. Subjek gerig is. As illustrasie van die gebruik van die pronominale vorme kan die volgende sinne dien :

Van die feit is ons klompie leus hulle bewus (Oerwoud, bls. 9).

Nou moet ek my roer (Duimpie II, bls. 42).

(Literêr): *Wie van ons herinner sig nie hoe die Vrouwekampe en die Vrouwelaers daarbuite in die veld, die kommandos geïnspireer het* (Boervrouw, bls. 152).

281. Maar sulke Ww. wat dikwels refleksief gebruik word kom ook sonder pronominale vorme voor, soos in:

In hulle harte voel hul kalm en doodtevrede (E. Skrywers, bls. 52).

Die ander leeus sprei instinkmatig (Oerwoud, bls. 52).

Het ons Afrikaners uit drie verskillende nasies tot een volk met eie taal ontwikkel (E. Skrywers, bls. 102).

Dat hulle vroeër moes aangesluit het (E. Skrywers, bls. 124).

Die drie elemente het saamgesmelt en al vroeg dieper in die land getrek en daar gevestig als 'n boere-bevolking (Boervrouw, bls. 1).

Hoe goed kan ons herinner uit die voortyd hoe die ou moeders (Boervrouw, bls. 92).

Slegs van een gevoel is hy bewus (Getrou, bls. 22).

Want sy meng nie veel met die ander gaste nie (Getrou, bls. 48).

Wel, vriende, sal julle ontwapen? (Pers).

Aan die ander kant strek die Drakensberge, hulle toppe met sneeu oorgetrek, sover as die oog kan sien (Getrou, bls. 143).

En as hy nie haas nie, bly daar nie te danig baie tyd oor nie (Getrou, bls. 213).

282. 'n Dergelike afwisseling van wel en nie gebruikte pronominale vorme kom ook in Nederlands en ander Germaanse tale voor.¹⁾

283. Deur die resiprokale Ww. word uitgedruk dat die persone, sake ens., deur die grammatiese Subjek aangedui, gelyksoortige handeling teenoor mekaar verrig. Vergelyk: *Hulle slaan mekaar (vir mekaar)*. Dieselfde verhouding kan by *ontmoet* ook sonder uitgedrukte Objek weergegee word. (Engelse invloed?) Vgl.:

Als sulke intieme vriende ontmoet, dan kan 'n mens gis watter invloed die een op die ander uitgeoefen het (E. Skrywers, bls. 16).

Stadig lig sy haar hoof op tot hul oë ontmoet (Getrou, bls. 54).

¹⁾ Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.*, §§ 80 vlgg.

(e) *Werkwoorde met meer as een voltooiing.*

284. Sommige Werkwoorde het na twee kante toe voltooiing nodig. Die twee voltooiinge kan wees:

(α) Die doel waarop die handeling gerig is en die resultaat van 'n fisieke werksaamheid, b.v.: *Hy bou (vir) jou 'n huis; hy bou 'n huis vir jou.*

(β) Die doel waarop die handeling gerig is en die inhoud of resultaat van 'n psigiese werksaamheid, b.v.: *Ek leer (vir) hom Frans; ek leer Frans vir hom.*

(γ) 'n Verwyderde of enkel aangeraakte doel en 'n omvatte doel, b.v.: *Hy betaal (vir) jou die geld; hy betaal die geld vir jou.*

285. In al hierdie gevalle moet *vir* voor die verwyderde doel staan as dit die tweede plek inneem, en is *vir* fakultatief as dit eerste staan. (Vgl. § 275.)

286. Ook Werkwoorde wat gewoonlik twee voltooiinge het, kan soms met 'n enkele voltooiing gebruik word. Vgl.:

Maar glo dit het nie sonder „kaalrug ry” gegaan nie (E. Skrywers, bls. 55).

Om naar die veraf geleë poskantore te stuur om die „Patriotte” daar te gaan ontvang (E. Skrywers, bls. 121).

O ja, maar jy kan mos maar saamkom om vir my te wys (Duimpie II, bls. 25).

Sien jy nou, Duimpie, verwyt Annekie, dis omdat jy so stout is (Duimpie II, bls. 27).

Neem jou ou vriendin nie kwalik nie (Getrou, bls. 5).

Ja, sê hy, ek gee verlof, en sal dit nie kwalik neem nie (Getrou, bls. 180).

(f) *Verbinding deur middel van Konjunksies.*

287. Deur middel van as word 'n tweede voltooiing aan relatiewe werbaalbegrippe geknoop. Daardeur word uitgedruk 'n resultaat: *Hulle het hom aangestel as generaal*, of 'n hoedanigheid: *ek ken hom as 'n eerlike man; hulle het hom as leier erken*. Vir refleksiewe Ww. sie § 260.

288. Dieselfde verhoudinge kan ook deur middel van *vir* uitgedruk word: *vir* *generaal*, *vir 'n eerlike man*.

(g) *Verbinding deur middel van vraagwoorde.*

289. Veral by Ww. wat 'n psigiese werksaamheid uitdruk, en ook by ooreenkomstige Subste, dien die vraagwoorde: *hoe*, *waar*, *wanneer*, *wie*, *wat*, *watter*, *wie se*, ens. om die Ww. met die Infinitief waardeur die inhoud van die werksaamheid uitgedruk word, te verbind. Die vraagwoord het dan tewens adwerbiale of pronominale funksie en maak deel uit van die woorde waarmee die inhoud van die psigiese werksaamheid uitgedruk word. In die omgangstaal word die vraagwoorde gevolg deur *om te*, b.v.: *ek weet nie hoe om dit aan te pak nie*; *hulle weet nie watter een om te kies nie*; *President Steyn alleen wis hoe om met 'n paar woorde eensgesindheid te herstel* (Prosabundel, bls. 247). In die literêre taal tref 'n mens egter, onder Ndl. invloed, dikwels sinne aan sonder *om*. Vgl. (na Subste): *Wat ... voor die Sinode gelê sal word om van daardie liggaam instruksies en aanwysings te ontvang watter weg verder te volg* (E. Skrywers, bls. 63).

(3) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum.

290. Die werbale komposita het ontstaan deur samestelling van die begrip van die Werkwoord met die van die bepaling of voltooiing tot 'n nuwe eenheid, soms met verbleking van die betekenis van die Werkwoord. Kenteken van die ontstaan van die samestelling is die eenheidsaksent. In die samestelling Ww. + Subst. kry die Subst. die hoofaksent, terwyl Ww. en bepaling of voltooiing anders ieder 'n eie aksent het. 'n Uitsondering vorm noodwendig refleksiewe Werkwoorde, soos: *hom skaam*, *hom bekommer*, waar die Werkwoord die hoofaksent dra en nie die Pronomen nie. By die samestelling Ww. + Adw. kry die Werkwoord soms die hoofaksent en die Adverbium soms, terwyl die Adj. die

aksent kry in die samestelling Ww. + Adj. Tog is hierdie kriterium dikwels moeilik om toe te pas daar die verband 'n omgekeerde betoning kan teweegbring. Ons kan die volgende groepe onderskei:

291. (a) Die Substantief gee die manier van die handeling aan. Behalwe die eenheidsaksent, is in hierdie en die volgende groep, 'n ander uiterlike kenmerk van die samestelling, dat in die reël geen Lidwoord of Voorsetsel by die nominale gedeelte gebruik word nie. Enkele uitsondering is b.v.: (*die*) *baas speel*, (*die*) *kans kry*, in (*die*) *hande kom*; *sy man staan*. Ons kan onderskei tussen bepalinge van manier wat ontstaan het uit:

(α) Bepalinge van plaas: *die Maandagoggend moet die gerwe hoop gedra word* (Misdade, bls. 72); *hou goed dop* (Misdade, bls. 112). So ook: *vijoolspeel*, *perdry*, ens. (Sie §§ 249-50.)

(β) Bepalinge van middel: *Kyk hy knip oë* (B. stories, bls. 13), waarnaas: *en kyk hoe knip hy sy oë* (B. stories, bls. 13); *en dan sal hy nog kopspeel* (Na Olikheid, bls. 18). So ook: *handeklap*, *voetslaan*, ens. (Sie § 250.)

(γ) Bepalinge van vergelyking: *lepellê*, *knipmesry*, ens. (Sie §§ 262-3.)

(δ) Die resultaat of inhoud van 'n Werkzaamheid: *wortelskiet*, *stormloop*, ens. (Sie § 265.) Vergelyk nog:

Kom, dus, en maak met haar nader kennis (Getrou, bls. 49).

En ons het hom geluk kom wens (Grootvader, bls. 22).

En heerlyk (sic) rein as die môreson dit dagsê (Veld, bls. 15).

Laat die mans lawaai en stofskop (Boervrouw, bls. 172).

292. (b) Die Substantief druk die doel uit waarop die handeling gerig is. Vgl.:

Sy, sowel as Hendrik, het reeds hoop opgegee dat hy nog leef (Getrou, bls. 199).

Het jul woorde gehad? (Misdade, bls. 131).

So moet hulle weer vlug en skuiling agter rotse gaan soek (B. Stories, bls. 29).

Speelman hou asem op en maak of hy dood is (B. Stories, bls. 38).

Die Bobiaan kon toe nie asem kry nie (B. Stories, bls. 72).
Om te sien hoe die kruid vuur vat (Boervrouw, bls. 135).
Arme ou Terblans het probeer kop wegtrek (Duimpie I, bls. 23).
So moes hy eerste gaan oë toehou (Duimpie II, bls. 12).
Nou begin hy gedagte kry van die huis (Duimpie I, bls. 11).
Nou moet alle konsiderasie padgee (Vergeet Nie, bls. 98).
 So ook : *spoorsny, pypopsteek, ens.*

Opm. Dit verdien aanbeveling om sulke samestellinge aaneen te skrywe, as die Subst. onmiddellik voor die Ww. staan, soos ons ook doen met samestellinge bestaande uit Ww. + Bywd.

293. (c) Samestellinge van die bepalinge of voltooiinge van die grammatiese Subjek met vorme van die Werkwoorde : *wees, bly, word, lyk, skyn, heet*. Die betekenis van hierdie Werkwoorde het in die loop van tyd verbleek. So het die verkillende stamme van *wees* oorspronklik 'n betekenis soos "woon", "groei", ens. uitgedruk, en kon dit dieselfde soorte bepalinge hê as ander werkwoorde, b.v. : (Plaas) : *hy is in gevaar* ; (Tyd) : *sy is in die lente van haar lewe*, ens. Teenswoordig dien dit, behalwe dat dit deur sy vorme tyd en modaliteit kan uitdruk, enkel om die grammatiese Subjek met die bepalinge of voltooiinge te verbind, en in party tale (Latyn, Russies, ens.) kan dit selfs gemis word waar ander tale dit gebruik. Daar die woord alleen nie voldoende is om 'n begrip uit te druk nie, kan 'n mens hierdie toevoegsels beskou as voltooiinge van die Werkwoord, maar hulle dien teweens tot bepaling of voltooiing van die grammatiese Subjek, waarby die taalgevoel hulle dan ook gewoonlik groepeer. Die bepalinge en voltooiinge (met of sonder vormwoord) het teenswoordig dan ook adjektiewiese funksie. Vgl. : *Alexander was 'n held ; hy was in sy skik, uit sy humeur, op sy perdjie, ens.*

294. Die betekenis van die ander gemelde Werkwoorde is nog nie in dieselfde mate verbleek nie, maar ook die voltooiinge waarmee hulle samegestel word, het 'n adjektiewiese funksie.

295. (d) Vorme van bepaalde Werkwoorde word met Infinitiewe verbind om 'n tydsbepaling, modus, 'aktionsart', uit te druk. Die uiterlike kenmerk wat die proses van samestelling begelei, is dat die Infinitief sonder Preposiesie gebruik word, dog, daar die inwendige proses natuurlik voorafgaan, kan die Preps. nog by party Werkwoorde voorkom. Daarenteen hoef die twee dele van die kompositum nie naas mekaar te staan nie. Vgl.: *hy sal dit dadelik vir al die lede van die vereniging vertel* (naas: *hy sal kom*). Hoewel die twee elemente hier sover verwyderd van mekaar staan, vorm hul tog 'n eenheid, waaraan soms die naam distansie- of afstandskompositum gegee word. Die psigologiese proses is dat 'n wilsakte begin word by die eerste element, om, na 'n onderbreking deur 'n periode van inersie, eers by die tweede element voltooi te word. Hierdie proses het Dr. van Ginneken treffend vergelyk met die gelyksoortige wilsakte waardeur ons 'n *i* skrywe aan die begin van 'n woord en die titteltjie eers daarop sit as die hele woord klaar is.¹⁾

296. 'n Tussentrap verteenwoordig verbindings van Infinitiewe met vorme van *wees*, *bly*, *lyk*, *skyn* (literêr), *heet* (literêr), *kry*, *kom*, *gaan*, ens. deur middel van *aan* met of sonder *die* of *'t* (Vgl. § 22.) Hierdie woorde dien as hulpwerkwoorde om die begin, voortdoring, of modus van die werbaalbegrip uit te druk, maar die gebruik van die bindwoord is verplig.

297. Die Infinitief word sonder Preposiesie verbind met die Hulpww.: *sal*, *gaan*, *kan*, *wil*, *mag*, *moet*, *laat*, *bly*, b.v.: *hy bly lol*. Vgl. ook § 270.

298. Ek weet nie of daar een akademiese dissertasie in Afrikaans bestaan, waarin *skyn te wees* en ook ander uitdrukkinge waar 'n Inf. deur middel van *te* met *skyn* verbind word, nie voorkom nie. Maar nie alleen in wetenskaplike

¹⁾ Vgl. Van Ginneken, *Algemeene Leer der Woordschikking* (Leuvense Bijdragen VIII); Idem, *De Kataloog van een Taalmuseum* (N. Taalg. V); Van den Bosch, *Over Samenstelling*, (Taal en Letteren III).

werke is die verbinding so geliefd nie; dis ook die geval in die belletristiese literatuur. En tog is dit onbekend in die spreektaal. Vir: *terwyl die nuwe rigting se bedoeling skyn te wees om die minder-bevoorregtes te vergeet* (E. Skrywers, bls. 12), sou in die gesproke taal gesê word: *terwyl dit lyk of die bedoeling van die nuwe rigting is*, ens. So kom Infinitiewe met *te na lyk, blyk en heet* ook enkel in literêre taal voor.

299. Ook by behoort kry die Inf. steeds te: *Die moeder behoor die beste te weet* (Getrou, bls. 9), en as reël gebeur dit ook by (be)hoef: *Voor ons aan die huwelik van Annette hoof te dink* (Getrou, bls. 9), hoewel die vorm sonder *te af* en toe ook deuring.

300. Met of sonder *te* word die Inf. gebruik by kom, Hulpww. om 'n aanvang in die onmiddellike toekoms of 'n realistiese voorstelling uit te druk. (As *kom* 'n selfstandige Ww. is wat vergesel word van 'n Inf. wat 'n bepaling van doel uitdruk, kry die laaste natuurlik *om te*.) Vgl.: *Dit kom my duur te staan; as hy kom te sterwe; ek kom kyk; toe ek my kom kry* (E. Skrywers, bls. 101).¹⁾

301. By die woorde: *durf, probeer, begin en help* word die Inf. met *om te* of *te* of sonder Prep. gebruik. (Sie ook § 270) Vgl. naas *hy durf, probeer, begin om dit te doen; hy help om dit klaar te kry*:

Hier het ons die opinies van vier van ons beste Afrikaanse taalgeleerdes, wat durf met gesag spreek (E. Skrywers, bls. 50).

Sy benarde toestand begin te besef (Getrou, bls. 60).

Reeds voor die oprigting ... het Mnr. Hoogenhout in die koerante oor die erkenning van die Afrikaanse taal beginne skrywe (E. Skrywers, bls. 16).

In die vorige hoofstuk het ons perbeer die Groot Trek in ware verhouding met die geskiedenis van ons vaderland te bring (Boervrouw, bls. 20).

¹⁾ Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, § 78.

Hieromtrent wil ek probeer so min moontlik sê (Boer-vrouw, bls. 20).

Tant Sarie, jy moet my help die kind grootbring (Japie, bls. 5).

302. Die Hulpww. *staan* (voortduring), *sit* (voortduring), *loop* (aanvang in die onmiddellike toekoms) en in Hottentotte-Afrikaans ook *lê* (voortduring), was oorspronklik neweskikkend verbonde met die volgende Ww. deur middel van die Konjunksie *en*, en dit is nog dikwels die geval. Daar die betekenis-verhouding egter 'n onderskikkende is, het daarnaas ander konstruksies, konform met ander onderskikkende ver-bindingstiepes, ontwikkel. Die is tweërlei: (1) Verbindinge met *te*, veral onder Nederlandse invloed by die eerste drie woorde in die literatuurtaal gebruik, maar in die spreektaal ook nie heeltemal onbekend nie; en (2) Verbindinge sonder vorm-woord. Die oorgangstadium waarin hierdie woorde verkeer, kom mooi daardeur aan die dag, dat hulle 'n afsonderlike bepaling kan hê, wat nie op die tweede Ww. slaan nie. As die bepaling op die hele verbinding slaan, is die eie betekenis van die Hulpww. dikwels heeltemal verbleek en dien hulle enkel om die ingoatiewe of duratiewe geaardheid van die handeling uit te druk. Die eie betekenis van *sit* is in Afrikaans egter nooit heeltemal verbleek nie. Vergelyk:

Want ons het sit rook en drink en gesels (Grootvader, bls. 22).

Lodewyk gee 'n diepe sug, en sit sy minister vir 'n tyd lank stil en aankyk (Getrou, bls. 47).

Vir 'n tydjie sit die meisie hom met 'n sonderlinge blik in haar oë stil aan te kyk (Getrou, bls. 52).

Staan hy die aanval bedaard afwag (Misdade, bls. 149).

Het jy bygestaan luister? (Misdade, bls. 92).

Hulle wei genoeglik op die groen gras, wat hier volop is, of lê gerus en herkouw (Misdade, bls. 47); naas Hottentotte-Afrikaans: *deusman se kind, jy le stan skent Grikwa se kind by di korakter* (Ons Klyntji).

303. *Geskiedkundig.* Hoewel Dr. Bosman Ndl. uitdruk-kinge, soos: *staan te zaniken, liggen te zeuren*, vergelyk met die gebruik van die gemelde woorde as Hulpww., voeg

hy daaraan toe: "Maar Kreools-Afrikaans gaan hierin baie verder [as Hollands]", en noem dit dan 'n "tiepiese verskynsel van Kreools-Afrikaans".¹⁾ Waarop hy hierdie uitspraak baseer, weet ek nie. Algemeen Afrikaans en Algemeen Nederlands staan m.i. teenswoordig ongeveer gelyk in hierdie opsig. Teenoor die groter voorliefde van Afrikaans vir *staan* en *loop* kan gestel word die Ndl. gebruik van *zitten* en *liggen*. En dat *lê* in sulke verbindings nie deur witmense in Afrikaans gebruik word nie, wil nog nie sê dat die Hottentotse geur ook oorspronklik aan die woord gekleef het nie. Dis miskien juis omdat die Hottentotte daar veel gebruik van gemaak het, dat dit uitgesterwe het onder die blanke. In sewentiende-eeuse Hollands het samestellinge met *lê* veel gebruik geword. Vgl.: *hoe legddy so en preutelt* (Bredero, Rodderick ende Alphonsus, Uitg. Knuttel, bls. 68); *dat jij hier lecht en tabackt* (Griane, Uitg. Knuttel, bls. 105) ens. Of meen Dr. Bosman dat die verbinding *lê staan* (+ Inf.) tiepies Kreools is wat die betekenis van die woorde betref? Dan verwys ek hom naar Griane, bls. 106: *die legghen en loopen, in goyen elck ien*, en bls. 185: *maer dat jy noch wilt leggen en loopen*. Of het hy miskien die oog daarop, dat geen bindwoord gebruik word nie? Dan verwys ek naar Trijntje Cornelis, vs. 367: *Hoe brill sel onse Claes staan kyken*; vs. 1204: *'k hadd loopen hoore preke*; Bredero, Angeniet, vs. 1495: *Nu dat de Hel-heer lang verwondert had staan staren*. Of meen Dr. Bosman, dat nóg die aard van die verbindings, nóg die gebruikte woorde onnederlands is, en wou hy alleen maar te kenne gee dat die Hottentotte daar meer gebruik van maak as die witmense, en dat dit daaraan kan toegeskrywe word dat daar in Hottentots ook sulke partikels voorkom (*gye, ra*, ens.)? Dan glo ek dat hy gelyk kan hê.²⁾

304. Die Hulpww. *aanhou, ophou* en *basta* word met

¹⁾ *Ontstaan v. Afr.*, bls. 83.

²⁾ Vgl. ook: Hesseling, *Het Negerhollands*, blss. 103-10; Du Toit, *Afr. Studies*, blss. 94-97; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 10-11; Van der Veen, *Taaleigen*, § 195; Van Helten, *Vondel's Taal*, § 194, Opm. 2.

of sonder die vaste Prep. met (naas om te) gebruik. Vergelyk vir die gebruik sonder vormwoord :

Totdat daardie twee tydskrifte ophou bestaan het (E. Skrywers, bls. 28).

Ons Jan het aanhou veg en sy man teen die aanvalle gestaan (E. Skrywers, bls. 38).

Jy moet jou en bitji opbeur en basta fer jou so oud hou (Ons Klyntji).

305. *Geskiedkundig.* Die woord *basta* is oorspronklik 'n Interjeksie. Daar die Imperatief ook dikwels die funksie van 'n Interjeksie het, wat dan voltooi kan word deur 'n Inf. met of sonder *met* (Vgl. *hou aan, hou op*), het ook *basta* hierdie konstruksie aangeneem. Vervolgens is die woord in werbale funksie gebruik na *moet* en dan ook na ander Hulpww., dog as alleenstaande Ww. kan dit nog nie gebruik word nie.¹⁾ 'n Soortgelyke oorgang het ontstaan uit die interjeksionele gebruik van die uitdrukking: *sabander in die wapad*. *Sabander* is die titel van 'n oosterse hawemeester en doeanehoof, maar deur latere onbekendheid met die eintlike betekenis van die woord, het die volksetimologie daarvoor die Imperatief 'laat spaander' (in die *wapad*) gesubstitueer. 'n Eienaardige vergissing begaan Dr. Boshoff waar hy, op voorgang van Prof. Smith, *sabander* verklaar as ontstaan uit *laat spaander*. Die volksetimologie assimileer immers die onbekende aan die bekende, en nie anders om nie.²⁾

Opm. by §§ 295-305. Sy betoog, dat die vereenvoudiginge in die vormleer van die Afrikaanse Werkwoord onder Mal-Portugese invloed sou tot stand gekom het, behoort tot die teoretiese gedeelte van Prof. Hesseling se verhandeling oor „Het Afrikaansch”. Tot dié vereenvoudiginge word ook gereken die feit, dat die Imperfektum, behalwe by die Hulpww. en 'n paar ander Ww.,³⁾ in Afrikaans verlore gegaan het.

In sy grondige studie oor „De Tijden van het Werkwoord”⁴⁾

¹⁾ Vgl. Hesseling, *Het Afrikaansch*, bls. 114; Boshoff, *Volk en Taal*, bls. 135; Bosman, *Afr. en Mal.-Port.*, bls. 81.

²⁾ Boshoff, *Volk en Taal*, bls. 207; Huisgenoot, Jan. 1921.

³⁾ Vgl. *Handleiding*, bls. 51.

⁴⁾ *Een Proeve van Nederlandsche Spraakkunst* (N. Taalg. V).

onderskei Dr. van Ginneken as volg tussen die gebruik van Imperfektum en Perfektum in Nederlands:

„De eerste verleden tijd [Imperfektum] heeft tot kernbetekenis: de plastische schildering van een feit; hij geeft m.a.w. te kennen, dat wij het feit min of meer als gebeurend levendig voor ons terugzien, soms zelfs in eenige sukessievolle fasen van z'n ontwikkeling; hij spreekt dus meer tot de verbeelding en gaat altyd met aanschouwelyke voorstellingen gepaard.

De tweede verleden tyd [Perfektum] heeft tot kernbetekenis: de koude konstateering van een feit; hij geeft m.a.w. te kennen, dat wij het heele feit in een gezichtspunt samenvatten, ook al heeft het self soms lang geduurd; hij spreekt dus meer tot het abstrakt redeneerend verstand en gaat bijna nooit met aanschouwelyk durende voorstellingen gepaard”.

In Mnl. kon die Imperf. egter ook gebruik word in gevalle wat nou gewoonlik tot die gebied van die Perfektum behoort.¹⁾

Die funksie van die vroeëre Imperf. word dus in Afrikaans maar vir die kleinste gedeelte deur die Perf. waargeneem. 'n Verlede handeling word aanskoulik uitgedruk óf deur die eenvoudige Presens (met of sonder *toe* of ander adverbiale bepalinge van tyd) óf deur middel van die behandelde Hulpww. Die moontlike middele is dus almal ook in Nederlands aanwesig en kom in die sewentiende-eeuse literatuurtaal meer voor as in die hedendaagse; en nog maak die algemene omgangstaal en die dialekte daar meer gebruik van as die Nederlandse geskifte laat vermoed. Of die genadeslag wat hierdie nog aanskouliker middele in Suid-Afrika aan die Imperf. toegedien het, deur vreemde invloede in die hand gewerk is, en indien wel, of daar dan een bepaalde taal voor verantwoordelik moet gestel word, is vrae waar ek hier nie op wil ingaan nie, daar dit die vormleer betref, maar wat naar my mening in dieselfde gees moet aangepak word as ek met ander soortgelyke kwessies gedoen het. (Vgl. b.v. § 79).²⁾

Daarby herinner ek daaraan, dat die Imperfektum ook in baie Duitse dialekte verdwyn het, hoewel die bewoording van Wunderlich: “Das zusammengesetzte Präteritum, das man gewöhnlich auch Perfekt nennt, hat in manchen Dialekten die ganze Zeitform der Vergangenheit in Beschlag genommen”,³⁾ op 'n misvatting moet berus.

¹⁾ Overdiep, *Een Opmerking over het Nederlandsche Perfectum* (N. Taalg. XVII).

²⁾ Hesseling, *Het Afrikaansch*, blss. 140 vlgg.; Bosman, *Afrikaans en Mal.-Port.*, blss. 104 vlgg.; Bosman, *Ontstaan van Afr.* bls. 94.

³⁾ *Unsere Umgangssprache*, bls. 191.

Kongruensie.

306. In samegestelde tydsvorme bestaande uit *het* of *sou* + Hulpww. *wil*, *kan* of *moet* + Hoofww. in die Inf., kry die geregeerde Hulpww. die vorm van die Verlede Tyd: *Hy het dit kon sien; hy sou (moes) dit wou doen*. As *kon* of *moes* gevolg word deur die Hulpww. *wil* en 'n Hoofww., behou die geregeerde Hulpww. die vorm van die Teenw. Tyd, maar staan die Hoofww. in die vorm van die samegestelde Verl. Tyd: *Hy kon (moes) dit wil gedoen het*. Omgekeerd gebeur dit dikwels, hoewel nie konsekwent nie, dat die Verl. Tyd van die Infinitief ook die voorafgaande Hulpww. in die Verl. Tyd sametrek. Vgl.: *Die skikkinge vir die begrafnis word baie omstandig meegedeel en ou Jefta se relaas kon heelwat korter gewees het* (Prosa, bls. 220). Dit werp 'n skerp lig op die moontlikhede van funksieverandering by die afslyting van fleksie-uitgange, dat die Infinitief hier optree in vorme wat in die Nederlandse stamtaal enkel by die Verbum Finitum voorgekom het en voorkom. Maar die Afrikaanse Verbum Finitum en Verbum Infinitum het ook in die Presens, afgesien van hulpwoorde, gewoonlik dieselfde vorm. Met hierdie herhaalde uitdrukking van die Verl. Tyd kan vergelyk word die gebruik om na *klein* altyd 'n verkleiningsvorm van die Subst. te besig: *my klein seuntjie, 'n klein opmerkinkie*, ens., iets wat ook in Nederlands veel voorkom, dog nie so uitsluitend soos in Afrikaans nie.

307. Ook in hierdie opsig staan baie skrywers egter onder invloed van die Nederlandse skryftradisie. Hoewel ek op die oomblik nie in die geleentheid is om dit te kontroleer nie, glo ek dat waar Prof. Malherbe sê "Dat *baie* [ek kursiveer] mense ook sê *sou wil, sou kan* ens." hy hom, om die minste te sê, 'n bietjie sterk uitdruk.¹⁾

Woordorde.

308. As die Hulpww. *het* of *word* bepaal word deur

¹⁾ Afr. Taalboek, § 64.

'n ander Hulww. staan dit altyd onmiddellik na die Verl. Deelwd. wat dit self bepaal. Dit is ook die geval as Prep. + Werbum + *het* of *word* 'n Infinitief vorm; dan gaan die Prep. aan alle werbale gedeeltes vooraf. Vgl.: *Hy kan dit maar gedoen het* (Afr. Taalboek, bls. 72); *niemand sou dit verkeerd opgevat het nie* (Idem, bls. 73); *na omtrent eenderde van die pad so voort te gesukkel het* (Vergeet Nie, bls. 118); *dit was sy plig om dit te gedoen het*. Die posiesie van die Hulpww. in sulke sinne, en ook wanneer *het*, *word* of *wees* in bysinne as enigste Hulpww.by die Verl. Deelwd. gebruik word — want dan geld dieselfde woordorde — is 'n hindernis waar gebore Nederlanders wat Afrikaans skrywe gedurig oor struikel. Vgl.: *Kyk, julle kêrels ... weet nie wat die ou baanbrekers of "voorlopers" het moet deurmaak nie* (E. Skrywers, bls. 148, sitaat uit 'n brief van Hoogenhout). Maar ook in geskifte van gebore Afrikaners kan 'n mens verkeerde vorme teëkom. Vgl.: *Ons meen reeds genoeg in die vorige afdeling gesê te hê* (E. Skrywers, bls. 60).

Opm. Hê is Inf. van die selfstandige Ww., *het* van die Hulpww. ¹⁾

B. Werbum + Adjektief.

(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip.

(a) *Verbindinge sonder vormwoord.*

309. 'n Adjektief wat dien as bepaling van manier of omstandigheid word sonder vormwoord met die Werkwoord verbind. Die Adjektief het dan tewens betrekking op die inhoud van die grammatiese Subjek (Sie § 92). Voorbeelde is:

¹⁾ Vgl. Malherbe, *Afr. Taalboek*, §§ 65-66.

Hy kyk treurig rond, loop versigtig, knik vriendelik, staar begerig, kom alleen; bang kom die droomgesiggie nader (Veld, bls. 78).

Opm. In voorbeelde soos die laaste twee is dit die woord-orde wat aandui dat die Adj. nie alleen op die Subst. betrekking het nie, maar ook op die Werkwoord. Vgl. § 46.

310. Die Teenw. Deelwd. is, behalwe in 'n paar geykte uitdrukkinge (*hy is horende doof en siende blind*), in die spreektaal onbekend in hierdie adwerbiaal-adjektiewiese funksie. In die literêre taal word daar by sommige skrywers (Malherbe, Sangiro, ens.) 'n uitgebreide gebruik van gemaak. Self verklaar Malherbe ¹⁾: "In ons [d.i. Afrikaanse] geskifte speel hy 'n aanmerklike rol. Meestal kan 'n mens hom vermy deur omskrywing, wat egter in die verskuns veel moeiliker sou wees. . . . Maar in 'n enigsins ingewikkelde sin sou deur konsekwente omskrywing te veel hinderlike tussensinnetjies ontstaan. Dit kan derhalwe gebeur dat die teenw. deelw. verkiesliker is as die ander manier. Maar dit neem nie weg dat sy gebruik beperk moet word nie." Hier blyk dus weer die behoefte by sommige genres van skriftelik geuite of kunstig inmeakaargesitte taal aan 'n ander ritme en aan enger verbonde, meer gekomprimeerde, vorme as gebruik word in die daaglikse omgangstaal, want die is ongegeneerd, die klankreekse vlieë byna van self van mond tot oor, maar hort en stoot ook, omdat hul los samehang.

Opm. In die bowestaande voorbeeld is *horende* en *siende* nie enkel 'n bepaling by *hy* nie, maar tewens by die werbaal-begrippe *is doof* en *is blind*. Dit kan opgevat word as 'n bepaling wat aangee op watter manier die toestand bestaan, of as 'n toegewende bepaling.

311. Daarenteen het die Verl. Deelwd. meer adwerbiale geaardheid en lewe dus kragtig voort ook in die spreektaal.

312. Daar moet op gewys word, dat die Deelwoorde, behalwe dat hulle die manier of omstandigheid uitdruk, tewens

¹⁾ Afr. Taalboek, bls. 74.

'n tydsverhouding, 'n oorsaak of rede, 'n voorwaarde, toeweging of beperking kan weergee.¹⁾

313. Voorbeelde van verbindingsge met Teenw. Deelwd. :

Half sittend op die hoek van die tafeltjie trag Stof-fel Harmse ... 'n paar ... te onderhou (Veld, bls. 81).

Toe draai hulle skielik om en trek stertswaaiend af (Oerwoud, bls. 24).

En sy hoof oprigtend asof enigsins geprikkel, begin nou Oom Willem eers bedaard, maar geleidelik toegewend aan sy gevoel (Vergeet Nie, bls. 19).

Maar haar ewewig terugwinnend, dwing sy hulle met magtige wil tot onderwerping en voorgewend dat sy die posiesie nog nie heeltemal begryp nie, sê sy ... (Vergeet Nie, bls. 25).

Sag glimlaggend en met 'n sarkastiese trek om sy mond sê hy ... (Vergeet Nie, bls. 68).

Wakend, sugtend, biddend, so het sy die slepende dae en die traag-skrydende ure van die nag deurgebring (Vergeet Nie, bls. 89).

Opm. As daar geen werbale vorm tussen die grammatiese Subjek en die Partisiepium staan nie, is dit dikwels twyfelagtig of die laaste moet opgevat word as enkel 'n agtergeplaaste bepaling van die Substantief en of dit tewens die Werkwoord bepaal. So lyk dit vir my of die temporale verhouding van die eienskap tot die handeling van die Werkwoord aangegee word in die sinne: *En die klaende nadraai wat hy al naderkomende, aan elke knor gee, steek komiek af ...* (Oerwoud, bls. 72); *en oor hulle gly die sonstrale van 'n koninklike somermiddag beskermend en seënend* (Vergeet Nie, bls. 117). Maar daarenteen is in § 81 'n paar sinne gesitueer (eerste en laaste vb. onder Agterplaatsing) waar die Partisiepia die indruk maak van 'n bepaling wat as nagedagte enkel op die Subst. betrekking het.

314. Voorbeelde van verbindingsge met Verl. Deelwd. :

Troosteloos verlate lê die werkplek langs die spruit (Veld, bls. 78).

¹⁾ Vir die gebruik van die twee Deelwoorde, waarvan die name misleidend is, vgl.: Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* III, §§ 97-101; I, § 72, Opm. 2; en Paul, *Deu. Grammatik* IV, §§ 318-28.

Onderwyl ... speel die kleintjies vergenoeg opsy (Oerwoud, bls. 9).

Steek hy vas en kyk half beskaamd die vlieende gedaantes na (Oerwoud, bls. 18).

Tot dit onbeteueld vloei (Vergeet Nie, bls. 45).

Vorm van die adjektiewiese woorde.

315. Die Adjektiewe en Deelwoorde het in hierdie funksie dieselfde vorm as by agterplaatsing in attributiewe gebruik. Vgl. § 68 en §§ 81-2. By Teenw. Deelwoorde kom af en toe egter ook 'n vorm op *-de* voor die dag. (Sie die bowestaande voorbeelde.)

Opm. by §§ 309-15. Die Adjektiewe verskil in hierdie verbindingsteepe in vorm nie van Bywoorde nie, en, daar hul sowel op 'n Subst. as op 'n Ww. betrekking het, kan hulle funksie as adjektiewies en tewens adwerbiaal beskrywe word. Eenvoudigheidshalwe gebruik ons die naam Adjektief vir woorde wat in 'n dergelike dubbele funksie gebruik word by volle, relatiewe en leë begrippe, onverskillig tot wattereen van die twee genoemde woordsoorte hulle histories behoort, en noem die woorde wat enkel op die inhoud van die Werkwoord betrekking het — anders as Sütterlin,¹⁾ wat in Duits ook dan die naam Adjektief wil gebruik — uit hoofde van hulle funksie, Adwerbia. Vergelyk ook *Opm.* by § 92.

(b) Verbindinge met vormwoord.

316. Deur middel van die Konjunksies as (enkel literêr) en asof (enkel literêr sonder volgende Ww. gebruik) word die moontlike ontoepaslikheid van die eienskap uitgedruk. Die bepaling kan betrekking hê op die grammatiese Subjek: *en [tant Dorie] kyk herhaaldelik as gejaag deur die venster (Veld, bls. 119);* of, by die refleksiewe Ww., op grammatiese Subj. en Obj. gelyktydig: *Toe ek my op my ou dag geskilder het as omring deur 'n kring talryke kinders (Prosabundel, bls. 188).*

¹⁾ *Deu. Sprache*, § 391.

(2) Die Werkwoord is 'n relatiewe begrip.

(a) *Verbindinge sonder vormwoord.*

317. As die verbinding sonder vormwoord geskied kry die inhoud van 'n Subst. die eienskap gewoonlik eers deur die handeling wat die werbaalbegrip uitdruk. Die Adjektief wat tot voltooiing van die werbaalbegrip dien, kan tewens betrekking hê:

(α) Op die inhoud van die grammatiese subjek. Vgl.:

Elkeen weer hom in sy eie vak, nou die litte lekker los begin te voel (Veld, bls. 16).

Met 'n nare skree skrik die wagttertjie wakker en sit dadelik oor-end met wye oë (Veld, bls. 130).

Daardie emmer klei dra net lekker swaar (Misdade, bls. 130).

Opm. Die laaste sin is 'n voorbeeld van die kausatiewe gebruik van 'n Ww. (*dra swaar* = laat my swaar dra), wat Dr. W. de Vries, naar aanleiding van sinne soos: *Nieuwe schoenen lopen lastig; die stoel sit ongemakkelijk*, 'n usurpasie genoem het.¹⁾ Vir die verklaring van die ontstaan van hierdie gebruik van die Ww. gaan hy in die eerste plek uit van onpersoonlike konstruksies soos: *Het ploegt hier licht*. Sulke onpersoonlike konstruksies ken Afrikaans egter nie, en dat hulle eers sou meegewerk het om 'n nuwe konstruksie te help vorm en toe self verdwyn het, lyk uiters onwaarskynlik. Is dit nie waarskynliker, dat die tyd van ontstaan van Afrikaans 'n terminus ante quem vir die ontstaan van die persoonlike, en 'n terminus post quem van die onpersoonlike konstruksie in Nederlands sou aangee nie? In ieder geval lyk dit of die analogie van sinne soos: *Dit is swaar vir my om [die klei] te dra*, naas: *Ek dra swaar [aan die klei]* die aanleiding moet gewees het van sinne soos: *Die klei dra swaar*, naas: *Die klei is swaar [vir my] om te dra*.

(β) Op die inhoud van die Objek. Vgl.:

Sy teenstanders noem hom dom.

Die môre-koelheid sterk 'n lustige wil, hou vermoeidheid gebind (Veld, bls. 16).

Hulle maak my tam (Idem, bls. 17).

¹⁾ *Opmerkingen over Nederlandsche Syntaxis* (Tijdschrift, XXIX)

En toe die eerste kwaai ryg die rande vaal verdor het (Veld, bls. 30).

(γ) Op die inhoud van grammatiese Subjek en Objek albei by Refleksiewe Ww. Vgl.:

Die volgende môre wil hy hom klaar maak vir sy werk (Veld, bls. 76).

(b) *Verbindinge met vormwoord.*

318. Deur middel van vormwoorde kan die moontlikheid te kenne gegee word, dat die eienskap wat dien tot voltooiing van die Ww., nie aan die inhoud van die Subst. toekom nie. As die Adjektief betrekking het op die inhoud van die grammatiese Subjek word die bindwoord *vir* gebruik: *hy geld vir ryk*; as dit betrekking het op die Objek kan *as* of *vir* gebruik word: *hulle beskou hom vir (of as) ryk*. Vgl. ook die versterde samestelling: *iets verlief neem*. By Refleksiewe Ww. het die Adj. betrekking op die inhoud van Subj. en Obj. albei: *ek beskou my vir (as) bekwaam daarvoor*.

Die vorm van die Adjektiewiese woord is soos by die volbegrippe (§ 315).

(3) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum.

319. (a) In die samestelling van Ww. met Adj. kan die Adj. betrekking hê op die grammatiese Subjek. Vgl.: *hy gaan dood*; *dit raak los*; *hy is goed*; *hy lyk vrolik*, ens. Veral de s.g. kopulatiewe Ww. met hulle voltooiinge vorm 'n voorname onderdeel van hierdie rubriek.

320. As die moontlikheid dat die eienskap nie op die inhoud van die grammatiese Subjek toepaslik is nie, moet uitgedruk word, kan die bindwoord *as* gebruik word: *hy is as verwese*.

321. Die samestelling kan voltooi word deur 'n Objek: *Dit staan jou vry*; *dit val hom swaar*; *dit val hom lig*. Dis 'n bewys van die vastheid van die samestelling, dat die

voltooiing van die samegestelde Ww., ook in die omgangstaal sonder vormwoord kan aangeknoop word. Na samestellinge met *wees*, wat baie losser is, word in die omgangstaal 'n bindwoord gebruik: *wees genadig vir my; hy is goed vir my* ens. (Vgl. §§ 189-92),

Opm. by §§ 319-21. 'n Aantal woorde wat oorspronklik as Substantiewe opgevat is, kan in Afr. sonder adjektiewiese afleidingsuffiks op hierdie manier — deur middel van 'n kopula — met die grammatiese Subjek verbind word, en ook aan die verdere funksies van Adj^e deelneem. Daaronder hoort in die eerste plek die veelbesproke groep: [*ek is*] *honger, dors, spyt, skaam* (Mnl. *schaem, schame*, Mhd. *scham*), *lus, vaak*, naas: *ek het hongre*, ens.¹⁾

Prof. Schuchardt het in sy Kreoolse studies daarop gewys, dat sulke woorde 'n toestand beskrywe en dat daar dus 'n algemeen psigologiese basis voor bestaan om hulle, soos in baie Kreoolse tale gebeur, as Adj^e op te vat. Hy het daar verder mee vergelyk: Duits *ich bin ganz mitleid; sie ist ganz Huld; Fr. chagrin, colère*, ens.

Prof. Hesseling en Dr. du Toit het op dieselfde verskynsel in Afrikaans gewys en dit beskrywe as 'n Kreolisme.

Dr. Bosman wysig hierdie laaste opvatting in 'n verklaring waarvan die kern is, dat hy wil uitgaan van analogiewerking binne die Ndl. taalverband self. Hy wys n.l. op Ndl.: *ik heb naas in ben koud* (N.B. hedendaags Ndl. is: *ik heb het koud*) en *hij heeft naas hij is schuld*, beskou *koudzijn, koudhebben*, ens., as werbale samestellinge waarin *zijn* en *hebben* mekaar kan afwissel, en dink dan aan 'n analogiese uitbreiding van hierdie rubriek in Afrikaans. Die vbb. is goed gekose, want die woorde *heet* en *koud* was, net soos *schuld*, oorspronklik Substantiewe: Mnl. *ic heb heet, kout*.²⁾ Maar daar bly een beswaar oor, en dit is, dat die groepie so klein is in Ndl. dat 'n mens moet twyfel aan sy krag om analogievorme in die lewe te roep. Is dit miskien om tegemoet te kom aan hierdie beswaar, dat Dr. Bosman aanneem dat die uitbreiding bevorderd is deur Kreools-Afrikaans, wat hy dan verantwoord deur te sê dat die verskynsel "in die Afrikaans van kleurlinge nog veel

¹⁾ Schuchardt, *Kreol. Studien* IX, blss. 202, vlgg.; Hesseling, *Het Afrikaansch*, bls. 112; Du Toit, *Afr. Studies*, bls. 81; Bosman, *Afr. en Mal.-Port.*, blss. 76-8; Bosman, *Ontstaan van Afr.*, blss. 84-7.

²⁾ Mnl. *Wdb.*

vaker voorkom as in suiwer Afrikaans"? Maar op 'n ander plek ¹⁾ wys hy ook nog op die taal van Ndl. kinders, waarin uitdrukkinge voorkom soos: *neusje pijn* wat sintakties gelyk staan met *Keesje honger*.

As ons al hierdie gegewens 'n beetje anders samestel en uitgaan van die opgroeiende geslag, dan glo ek dat ons 'n taamlik goeie beeld kan kry van wat werklik in Suid-Afrika gebeur het. Ek stel dit my as volg voor:

Die kinders het — soos psigologies natuurlik was — *honger*, *dors*, ens. gevoel as Adj^e. Dit doen kinders wat ander tale praat gewoonlik ook met ooreenkomstige woorde, maar deurdat die kindertaal hom gedurig aanpas aan die taal van ouer mense, gebeur dit maar sporadies dat sulke woorde permanent oorgaan tot Adj^e. In S.-A. het 'n groot deel van die ouer mense, n.l. die Kreools-sprekendes, egter ook die genoemde woorde as Adj^e gevoel, sodat die taal van die blanke kinders met behulp van die Kreools-sprekendes die oorwinning kon behaal het oor die taal van hulle ouers. Die gewoonste vorm in die kindertaal is: *ek honger*, en as ek Schuchardt goed verstaan, kan die kopula ook in Kreools ontbreek. „In den verschiedensten kreolischen Mundarten heisst es: ‚ich Furcht‘ ‚ich Hunger‘.” Hierdie vorm het die kinders egter mettertyd afgeleer om daarvoor, soos by ander Adj^e, in die plaas te stel verbindings met *is*, wat ook die sprekers van Kreools in baie gevalle doen. Daarnaas het hulle egter ook die vorme met *het* aangeleer. By hierdie ontwikkeling het die remmende faktore ten slotte nog aan krag verloor deurdat in Ndl. reeds dubbelvorme met 'hebben' en 'zijn' bestaan het.

'n Ander uitgangspunt het die groeipie: *Dit* (maar ook: *ek*) *is jammer*; *hy is skelm*, *windmaker* (naas vorme met die Lidwoord 'n). Hier was 'zijn' reeds oorspronklik die bindwoord, maar die voorgeplaaste Lidwoord was die kenmerk daarvan dat die woorde as Subst^e opgevat is. Die opvat van sulke woorde as Adj^e word dikwels gevolg deur die gebruik daarvan sonder Lidwd., 'n verskynsel wat in Ndl. sowel as Afr. veelvuldig voorkom. Behalwe op die gevalle wat in die Opm. bij §§ 118-9 genoem is, kan ons hier nog wys op die woord *jammer* self, wat ook in Ndl. in albei vorme gebruik word: *wat is dat (een) jammer*, en herinner aan die vbb. wat deur Dr. Bosman aangehaal is: *schade*, *schalk*, *schande*. Hier was die analogieklas so groot dat dit my onnodig lyk om inwerking van Kreoolse invloede aan te neem.

¹⁾ *Ontstaan v. Afr.*, bls. 146.

Afsonderlik staan m.i.: *hy is pap*, wat waarskynlik ontstaan het uit: *hy is as pap*, naar die analogie van sinne soos: *hy is verwese*, naas *hy is as verwese*. En ten slotte het *hy is snoep* waarskynlik deur wegval van -s ontstaan uit *hy is snoeps*, waar die laaste woord dus reeds 'n Adj. was maar in 'n ander vorm.

322. (b) In Samestellinge van transitiewe Ww. met Adjektiewe, soos: *hoogag, kwytskel, swartsmeer, goedkeur*, ens., het die Adj. betrekking op die Objek. Vgl.: *ek ag hom hoog; ek moet sy houding goedkeur*.

323. (c) Bepalinge van grammatiese Subjek of Objek was oorspronklik ook die Verlede Deelwoorde wat met vorme van *het, wees* of *word* verbind word om die samegestelde tye van die Werkwoord te vorm: *hy is gegaan, hy word behandel, ek het hom gesien*, ens.

Opm. Hoewel *is (het)* + Part. Pret. + *geword* in die teenswoordige Afrikaanse omgangstaal meer gebruik word as in die Nederlandse, kan ek geen uitbreiding van die konstruksie in Afrikaans waarneem nie. Die drie sinne wat Prof. Bouman¹⁾ aanhaal om so 'n uitbreiding te bewys, het m.i. geen bewyskrag nie. In: *De la Rey was Volksraadslid en werd belas geword met de leiding*, het die skrywer die kluts kwyt geraak deur onbekendheid met die onafrikaanse vorm 'werd'. *Die party het ontstaan geword* (uit 'n redevoering) is blykbaar 'n kontaminasie van 'het ontstaan' en 'het gevorm geword'; en vir die anonieme, gebrekkige digter wat geskrywe het: *hy sal deur die nakroos steeds hoër word verrys*, was 'verrys' 'n vreemde woord waarvan hy nóg die betekenis nóg die gebruik geken het.

Vorm van die adjektiewiese woorde.

324. Die Adjektiewe wat nie naar die analogie van Verl. Deelwde gevorm is nie, het in hierdie soort verbindingsdieselfde vorm as by agterplaatsing in attributiewe gebruik. Met uitsondering van 'n paar verstarde vorme op -ende: *hy is sterwende, lydende, sukkelende*, is dit ook die geval met die Teenw. Deelwoorde. By die Verl. Deelwoorde tree

¹⁾ Syntaktiese Groepen en Afrikaans.

egter 'n ander differensiëring op. Die Verl. Deelwde van oorspronklik swak Ww. wat gebruik word om same met 'n Hulpww. 'n samegestelde tyd van 'n Ww. te vorm, het geen *-t*-klank nie, behalwe waar die grondwoord reeds daarop uitgaan. By die losser samestellinge, waar die Verl. Deelwde, of Adje wat naar analogie daarvan gevorm is, ook wel dien tot voltooiing van die betekenis van die Ww., maar waar die gevoel vir die gelyktydige betrekking op grammatiese Subjek of Objek nog lewendig is, kan soms nog 'n vorm op 'n *-t*-klank optree. By hierdie losser samestellinge is daar twee antagonistiese kragte aan die werk: tradisioneel gaan die Verl. Deelwde uit op 'n *t*-klank en, behalwe na skerp konsonante, opereer die voorbeeld van ander Adje in die rigting om dié toestand te bewaar, maar na die ander kant toe word hulle geassimileer deur die vorm van die vaste verbindingsge. Die teenswoordige stand word vir die losser samestellinge as volg deur die S.A. Akademie beskrywe ¹⁾:

„Verder val *d* en *t* altyd weg by verlede deelwoorde of woorde wat gevorm is na analogie daarvan, en wat uitgaan op *f, g, k, p, s*: *hulle is verloof, hy is onbevoeg*

Die klankproses wat die verdwyning van uitgangs-*d* [verstaan: die *t*-klank] na *l, m, n, r*, en 'n klinker veroorsaak, is nog aan die gang, sodat 'n norm vir die hele taalgebied nie vas te stel is nie. In die Woordelys is 'n poging gemaak om in elke afsonderlike geval die gebruiklikste vorm aan te gee.

Opm. Na *ng* is *d* [verstaan: die *t*-klank] onseker: *die skool is gemengd, die wyn was gemeng met water.*”

Op dieselfde manier tree die Verl. Deelwd. van oorspronklik sterk Ww. op in die vorm: *ge- +* infinitief-stam, as dit gebruik word om 'n samegestelde tyd te vorm, maar kan die sterk vorm voorkom in die losser verbindingsge (Vgl. § 82).

¹⁾ Afrikaanse Woordelys, Spelreël 36. Vgl. ook: Malherbe, *Afrikaanse Taalboek*, §§ 71-2.

C. *Werbum + Adverbium.*

(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip.

(a) *Verbindinge sonder vormwoord.*

325. Sonder vormwoord kan 'n groot aantal verhoudinge uitgedruk word, waarvan ons noem:

Rus op 'n plek of beweging binne bepaalde perke: *hy woon daar, werk hier, snuffel orals.*

Tydstip: *hy het dit toe gesê; gister weggegaan.*

Graad: *dit blyk nouliks; die lamp flikker baie.*

Manier of omstandigheid: *hy loop vinnig, lag lekker, soebat verniet; ek vra maar.*

Maat: *dit skeel weinig.*

Modaliteit: *hy kom seker, beslis, altemit, tog, nie; kom dan, maar, assemblee.*

326. Tewens verbindend is, soos ook dikwels by tydsverhoudinge, die Bywoorde met behulp waarvan die volgende verhoudinge uitgedruk word:

Oorsaak: *hierdeur het dit gebeur.*

Rede of grond: *hierom het hy dit gedoen; dit het ook gereën.*

Middel: *hiermee gee hy te kenne . . .*

Doel: *daarvoor sal hy 'n reis onderneem.*

Toegewing: *tog (nietemin) sal hy kom.*

327. Besondere aandag verdien die gebruik van die modaliteitspartikel *nie*. Dis 'n eienaardigheid van Afrikaans, dat as 'n begrip, handeling, toestand, ens. genegeer word, die volsin, bysin, of woordgroep wat daar uiting aan gee, haas altyd afgesluit word deur *nie*. Vgl.: *Niemand dink dit nie; nie die man nie maar die vrou was die skuldige; ek sien nie die koei nie; ek sal dit nie doen nie; ons beskuldig hom nie daarvan dat hy die perd gesteel het nie; hy dink dat hy nie 'n fout kan maak nie.* Veral in Transvaal word die groep soms eerder voorlopig afgesluit en *nie* dan weer aan die end van iedere nuwe toevoegsel geplaas: *ons beskuldig hom nie daarvan nie, dat hy die perd gesteel het nie.*

328. In literêre taal kom veel voorbeelde voor waar die tweede *nie* onder Nederlandse invloed weggelaat is en daarnaas gebeur dit ook dikwels dat die skrywer deur sy ingewikkelde styl in die war raak en die negasies verkeerd gebruik.¹⁾ Vgl.:

En die Hollands en Engels so deurmekaar haspel, dat 'n mens partykeer nie weet, watter taal hulle praat ('n Jag, bls. 5).

Maar jy was nog altyd bang dat sy my nog sou liefhê en daarom wou jy my geen stuk kans gee nie om jou liefde te win (Spoke, blss. 41-2).

Trane kom daar in Annie haar oë, maar sy en ook nie oom Willem is instaat om met mekaar 'n woord te wissel nie (Vergeet Nie, bls. 120).

329. *Geskiedkundig.* Die gebruik van *nie* tot versterking van *nooit*, *niemand*, *niks* ens. is oorgeërf uit Nederlands.

Hoewel die herhaling van 'n negasie in een of ander vorm 'n uitgebreide verskynsel is wat in veel tale, veral in volkstaale, voorkom (Vgl. ouer Ndl. en ... *niet*, Fr. *ne ... pas*, Eng. *I never said nothing*, ens.), is die ontstaan van die dubbele *nie* in Afrikaans 'n crux wat die taalgeleerdes tot nog toe met grote eerbied benader het.

Dat Afrikaans onder invloed van Frans *ne ... pas* die sewentiende-eeus-Nederlandse *en ... niet* in gewysigde vorm behou het — die verklaring wat Prof. Te Winkel indertyd gegee het²⁾ — glo niemand meer nie, omdat die vorme waarin die negasies in die betrokke tale gebruik word, al te sterk van mekaar afwyk.

Prof. Hesseling dink aan moontlike invloed van die Negerportugees van Angola, maar staan daar self skepties teenoor³⁾

Dr. du Toit⁴⁾ het uit 'n Utrechtse stuk van die begin van die agtiende eeu die sinne aangehaal: *In en vrain land most*

¹⁾ Vir uitvoeriger uiteensettinge van die posisie van die dubbele negasie sien: Malherbe, *Afr. Taalboek*, blss. 102-112; le Roux, *Handleiding*, blss. 56-9.

²⁾ *Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika* (Vragen van den Dag, 1896).

³⁾ *Het Afrikaansch*, blss. 117-8; *Africana III* (Tijdschrift XLI).

⁴⁾ *Afrikaansche Studies*, bls. XX.

men dat kwaad nyt toelaaten nyt, en je word nyt gek nyt, en op gesag van Dr. A. Beets vermeld dat sulke herhalinge van *niet* nog in die Utrechtse volkstaal voorkom. Dis my nie geluk om daar in Utrecht 'n bevestiging van te kry nie, maar die volgende sin in die Betuwse dialek laat vermoed dat die verskynsel vroeër oor 'n groter gebied verbrei was: *Nou he'k tan is gezien, wad 'n wârkstoaking is, en nie mar zoo effekes ok nie, heur* (N. Rott. Courant, Avondblad 8-5-1920). Maar hierdie voorbeelde maak oorerwing in Afrikaans nog nie waarskynlik nie; dit illustreer alleen, dat die ontwikkeling van die konstruksie in Nederlands moontlik is sonder aanraking met vreemde tale. Dit lyk of die konstruksie in ander dele van die Nederlandse taalgebied nie bekend is nie. Van 'n toevallige mededeling dat dit ook in die buurte van Blankenberge sou voorkom, kon ek by nader ondersoek geen bevestiging kry nie. Prof. Vercoullie tot wie ek my gewend het, berig dat die konstruksie aan studente uit verskillende dele van Wes-Vlaandere (Brugge, Oostende, Blankenberge) onbekend is. Hy wys egter op die moontlikheid van 'n herhaalde *niet* in Nederlands as 'n vraag gestel word: *Ik geloof, dat je Paul niet onaardig vindt, niet?*

'n Heel ander verklaring gee Prof. Bouman.¹⁾ Uitgaande van die ontkenning *hē-ē* wat ons van die Hottentotte oorgeneem het, sien hy hierin die oorsprong van die Afrikaanse gewoonte om dubbeld te ontken, wat dan verder sou uitgebrei het tot ander gevalle. So is hierdie negasie dikwels enkel 'n spontane reaksie wat gevolg word deur 'n eksplikatiewe ontkenkende sin. Op dieselfde manier sou dan — aldus word beweer in navolging van W. de Vries²⁾ — in sinne soos: *ons kan ni weet ni*, eers die Hulpww. en dan die Hoofww. genegeer word, en so word ook dikwels 'n toegevoegde woordgroep of bysin telkens opnuut genegeer. Die Afrikaanse dubbele *nie* het dus, volgens Prof. Bouman, ontstaan uit 'n geleidelike aanpassing aan die taal van die

¹⁾ *De dubbele ontkenning in Afrikaans* (N. Taalg. XVII).

²⁾ *Dysmelie*, § 10.

inboorlinge. Hierdie redenering bevat egter verskeie inkonsekwensies. Prof. Bouman veronderstel dat *hē-ē* eers algemeen was en dat daarna die „Ndl.-sprekenden al spoedig het onbeschaafd klinkend geluid, al is het ook niet geregeld, zijn gaan vervangen door hun eigen *neen* of *nee*”. Maar die enigste natuurlike verloop is tog, dat die beskawing van die begin af gekant moet gewees het teen 'n klank wat nou nog vir ongeskik geld. Dit kan alleen ondanks die vooroordeel wat daarteen bestaan het, geleidelik 'n plek verower het. En watter rede is daar om te veronderstel, dat die eerste Afrikaanse koloniste nie in hulle eie taal die primitiewe modale negasie geken het nie? Wat soort ontkenning het ons in Duitse sinne soos: *Nein, aber dieses Haus!; Aber nein, Mina!*?¹⁾ Maar ook die bowestaande beskrywing van die dubbele *nie* is nie op alle gevalle toepaslik nie. Weliswaar kan 'n mens dit in sinne met 'n samegestelde Ww. analiseer in 'n suksessiewe ontkenning van die samestellende elemente, hoewel die gevoel daarvoor nie meer lewendig is nie. Maar hoe staan dit dan met: *nie die man nie, maar die vrou, was die skuldige*? En word eers die Hoofww. en dan die Objek genegeer in: *ek sien nie die koei nie*? Of moet ons aanneem dat dit uitbreidingsgevalle is? Maar watter bewys is daar dat die ander gevalle primêr is?

Dan lyk my nog die aanneemlikste die verklaring van Dr. Bosman,²⁾ wat b.v. uit *ek gaan nie* en *ek sal nie gaan* 'n kontaminasieprodukt: *ek sal nie gaan nie*, aanneem. Die noodsaaklikheid om nadruklik te praat in die omgang met onbeskaafde rasse sal m.i. nog meegewerk het om die gebruik van *nie* ter afsluiting van die periode, sowel as in sy oorspronklike posisie, te bestendig.

330. Deur groepsverskuiwing het uit die verbinding Ww. + *nie(t)* + *een* + Subst. die samegestelde Lidwoord *nie* 'n ontstaan, b.v.: *Daar was nie 'n mens nie*.

¹⁾ Wunderlich, *Unsere Umgangssprache*, Histk. II.

²⁾ *Afr. en Mal.-Port.*, bls. 84; *Ontstaan van Afr.*, bls. 136.

Opm. Prof. Hesseling haal die Negerhollandse Onbep. Vnwde *niet een mens, niet een man*, aan as voorbeelde van die neiging van Kreools om met nadruk te spreek ¹⁾ en Dr. du Toit vergelyk dit met Afrikaans. ²⁾ Oor Negerhollands wil ek g'n oordeel uitspreek nie, maar vir Afrikaans deug die beskrywing in ieder geval nie, want in Afrikaans is *niemand* nie vervang deur *nie 'n mens* nie, maar: *nie 'n mens, nie 'n man, g'n mens*, ens. staan naas *niemand* as vorme met meer nadruk. Vgl. Ndl. *g'n mens, g'n ziel, g'n kip*, ens. In sulke verbindings is die samestelling *nie 'n* volkome gelykwaardig met die samestelling *g'n*, en die oorsprong daarvan moet nie in Kreoolse „omschrijvingen” gesoek word nie, want dit kom veelvuldig voor in sewentiende-eeuse Ndl., en veral in Seeus wat die grondslag van Negerhollands gevorm het. Vgl. b.v. Cats se Spaens Heydinnetje: *niet een mensch*, (vs. 40, ens.); *wij hebben niet een sier* (vs. 820).

331. Ook *al* kan herhaal word na die bepaalde woord of woordgroep. Vgl.: *hy het al gekom al*, en (by Adwerbia): *dis al lank al; hy was daar al lank voor my al*.

332. *Geskiedkundig.* Hierdie konstruksie kom ook in die Noordhollandse dialek voor, waaruit Afrikaans dit waar-skynlik geërf het. ³⁾

(b) *Verbindinge met of sonder vormwoord.*

333. Net soos Subste kan ook Adwerbia met of sonder Preposiesie (Post-, Circumposiesie) met Werkwoorde verbind worde om die rigting van 'n beweging aan te gee of 'n tydsduur uit te druk. Vgl.: *hy kom binne, gaan weg, het lank gebly, het gister gerus*, met: *hy kom na vore, van buite af, het van toe af weggebly; dit het tot laat (toe) geduur*.

334. Die Prep. kan voor die Bywoord staan of, as daar meer as een is, — wat dan die geaardheid van 'n samestelling aanneem — kan hulle die Bywoord omring. Die enkelvoudige Postposiesies staan na die Bywoord, maar vorm samestellinge daarmee: *hy gaan boontoe, ondertoe, buitentoe, soheentoe* (> ook: *soontoe*), *hiernatoe*, ens.; *hierlangs, daarlangs*, ens.

¹⁾ *Negerhollands*, bls. 101 en 112.

²⁾ *Afr. Studies*, bls. 91.

³⁾ Bosman, *Afr. en Mal.-Port.*, bls. 85.

Dog soms kan die tweede woord opgevat word as 'n tweede bepaling by die Ww.; dan behou dit die geaardheid van 'n Bywoord en vorm geen samestelling met die voorafgaande Bywoord nie. Vgl.: *hy loop voor verby, onder deur, ens.*

335. As twee Preps 'n Bywoord omring, kan die laaste 'n samestelling met die Bywoord vorm en die eerste dan die hele samestelling bepaal. Hierop berus die praktyk van die Huisgenoot om na *tot* die Bywoord + Postposiesie aaneen te skrywe: *tot daarnatoe, tot hiertoe.*¹⁾ Na *na* is die geleding dikwels vlottend, hoewel die Huisgenoot ook hier konsekwent Byw. + Postposiesie aaneenskrywe: *na boontoe, na ondertoe.*

Opm. Dis my 'n raaisel waarop die verklaring van die Huisgenoot berus: „Sulke vorme met *na* skyn kontaminasie-vorme te wees en nie aan te moedig nie; ons verkies dus óf *na bowe* óf *boontoe*, óf *na onder* óf *ondertoe*, ens.” Ons Afrikaanse taal is tog al te mooi om deur sulke redeneringe te bederwe!

(2) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum.

336. Losse samestellings vorm Bywoorde met leë werbaalbegrippe as dit dien tot betekenisvoltooiing. Vgl.: *Hy is hier, voor, onder; die boek is uit; hy bly agter, ens.*

337. 'n Belangrike en uitgebreide klas woorde het hul ontstaan daaraan te danke, dat werbaalbegrippe met partikels samegegroeï het tot nuwe eenhede. Vergelyk: *hy oorweë die saak, onderhou sy famielie* met: *hy weë die suiker oor, hou sy hand onder die kraan.* Die vernaamste uiterlike kenmerk van die ontstaan van die nuwe eenheid is dat die selfstandige aksent van die twee afsonderlike dele oorgaan tot eenheids-aksent, wat óf op die Ww. óf op die partikel kan val. Vgl.: *oorwée, onderhou,* ens., met: *ophou, aangaan* ens. In die eerste geval is die samestelling onskeidbaar; in die tweede geval is dit skeidbaar (*dit hou op, gaan aan*) maar daarom nie minder vas nie. 'n Tweede kenmerk, wat egter nie altyd aanwesig is nie, is dat die samestelling alleen as geheel kan

¹⁾ Vgl. die uitgawe van Nov. 1922, bls. 224.

bepaal of bepaal word, terwyl by afsonderlike eenhede ieder dit natuurlik op sy eie houtjie doen. 'n Mooi illustrasie daarvan is die woord *oplet*. In die oorspronklike vorm: *ek het op hom gelet*, word 'hom' beheers deur 'op'. Die oorgang tot 'n samestelling is egter vry algemeen in Afrikaans en dan word in: *ek let (vir) hom op*; *ek het hom opgelet*, 'hom' deur *let* ... *op*, resp. *opgelet*, beheers. So word ook in Nederlands sedert die laaste twintig jaar *iets opletten* naas *op iets letten* gebruik.¹⁾

338. *Begryp* ... *aan* is 'n voorbeeld van 'n samegestelde Ww. wat alleen in die skeidbare vorm, en dan in die Imperatief, optree. Vgl.: *Begryp so iets aan* (E. Skrywers, bls. 62).

D. *Verbum + Verbum.*

339. Afwykend van ander Germaanse tale, kan in Afrikaans 'n werbaalstam dien tot bepaling van 'n Werkwoord. Twee gevalle kom voor:

340. (1) Die bepaling is samegestel uit 'n Substantief gevolg deur 'n werbaalstam met adverbiaal-adjektiewiese funksie, b.v.: *dit gaan broekskeur, naelskraap*, ens.

341. *Geskiedkundig*. Hierdie konstruksies is beperk tot 'n klein groepie samestellinge wat almal, sover ek weet, enkel met 'gaan', en daarnaas ook met 'wees' verbind word: *Dit was naelskraap*; *dit het maar broekskeur gewees*. Samestellinge bestaande uit Subst. + Inf. is natuurlik niks ongewoons nie, maar wel die Adverbiale gebruik. Dr. Bosman wat die eerste melding gemaak het van hierdie konstruksie, vergelyk daarmee die

¹⁾ Mededeling van Prof. de Voofs.

Zaanse: *hij is propschiet*,¹⁾ wat egter nog net so goed op 'n verklaring wag as die Afrikaanse uitdrukkinge. In die laaste het die werbaalstam dieselfde funksie as anders deur die Teenw. Deelwd. uitgeoefen word. Daar bestaan dus grond vir die onderstelling dat dit ontstaan het uit Teenw. Deelwd. wat om die een of ander rede hulle uitgang verloor het. En al te gewaagd is die veronderstelling nie, want daar is ook ander aanduidinge dat so 'n klankverandering nie onmoontlik is in Afrikaans nie. Vgl.: *Half fluister gee hy sy naam op en half fluister trag hy Oom Jannie daarna te troos* (Veld, bls. 82). Maar om 'n bevredigende verklaring vir hierdie klankverandering te vind is minder maklik. Sonder om daar enige konklusies uit te wil trek, herinner ek net daaraan dat die Teenw. Deelwd. ook in Vlaams kan voorkom sonder *d(e)*. Vgl.: *hun bellen al klinken* („Twee Horsen” van G. Gezelle). As ons kan uitgaan van 'n partisipiale vorm op *-en*, dan het ons 'n Part. en 'n Inf. wat gelykluidend is, en hoef die verdere wegval van *-en* ons nie te verwonder nie. Maar dit lyk waarskynliker, dat die ongewoonheid van konstruksies met adwerbiaal gebruikte Teenw. Deelwoorde in Afrikaans, ook sonder inwerking van die gemelde Vlaamse vorm, die gevoel vir die vorm van sulke Deelwoorde afgestomp het by die paar oorblyfsels wat bewaar is. Daartoe kan Maleis, waar die Teenw. Deelwd. en die Infinitief ook dieselfde vorm het,²⁾ moontlik meegewerk het.

342. (2) Die bepaling bestaan uit 'n geredupliseerde werbaalstam met adwerbiaal-adjektiewiese funksie, b.v.:

Hy sê dit so lag-lag (Pers).

Aan die manier waarop hy voortgaan, loop-loop, staan-staan kan 'n mens al te maklik merk . . . (Vergeet Nie, bls. 108).

Koes-koes volg Adonis hom nog 'n ent (Vergeet Nie, bls. 113).

Die lang figuur van Herklaas van der Merwe het buk-buk die tent ingekom (Veld, bls. 82).

¹⁾ *Ontstaan van Afr.*, bls. 89.

²⁾ Walbeehm, *Beknopte Maleische Spraakkunst*, § 52.

343. Die reduplikasie druk 'n iteratiewe handeling uit, wat die ander handeling kan onderbreek. As die twee handelinge gelyktydig kan plaasvind, gee die reduplikasie, waardeur 'n reeks snel opvolgende werkinge uitgedruk word, tewens 'n duratiewe begrip weer. Dis 'n sterk impressionistiese trek van Afrikaans, dat dit op hierdie manier voorsien het in 'n deel van die verlies wat dit gely het deur die verlore-gaan van die Teenw. Deelwd. in adwerbiaal-Adjektiewiese funksie. Deur die klankherhaling word die herhaling van die handeling immers realisties afgebeeld, en deur die engheid van die verbinding word die gelyktydigheid van die handeling veel beter weerspieël as deur onderbrekende bysinne.

344. *Geskiedkundig*. Ook hierdie verskynsel in Afrikaans het al veel diskussie uitgelok. Prof. Hesseling,¹⁾ en, in navolging van hom, ook Dr. du Toit,²⁾ praat van Werkwoorde wat as Bywoorde gebruik word en dus 'n bewys is van Mal.-Portugese invloed. En ook Dr. Bosman, wat 'n uitvoeriger en juister uiteensetting gee van die funksie van sulke geredupliseerde werbaalstamme, is bereid om daarin 'n kreolisme en — in sy later werk — miskien 'n Maleiisme te sien.³⁾

Teen hierdie eenstemmigheid het Dr. Boshoff⁴⁾ te velde getrek in 'n lang betoog wat hy van so veel belang geag het, dat hy in die volgende stelling nogmaals nadruk gelê het op die uitkoms daarvan: „De rol door de reduplikatie en de funktie-verandering bij de woordvorming en het woordgebruik in 't Afrikaans gespeeld, behoeft niet aan vreemde invloeden toegeschreven te worden”. Sy betoog kom in 't kort hierop neer: Geredupliseerde Bywoorde, soos *gou-gou*, kom ook in Nederlands voor. *Fluit-fluit loop* kan beteken 'al fluitende lopen', maar ook 'gemakkelijk, zonder moeite lopen', waar dit op een lyn staan met *gou-gou*, ens.

¹⁾ *Het Afrikaansch*, bls. 114.

²⁾ *Afrikaansche Studies*, bls. 82.

³⁾ *Afr. en Mal.-Port.*, blss. 79-80; *Ontstaan van Afr.* bls. 82.

⁴⁾ *Volk en Taal*, blss. 329-31.

Dat die analogie van Bywoorde 'n rol gespeel het, is dus „nie onmoontlik en selfs nie onwaarskynlik nie”. Verder ken Frans reduplikasies soos: *bon-bon*, *cri-cri*, ens., en in Hottentots en die Bantoetale kom ook geredupliseerde werbaalstamme voor. Ergo: „As die redupliserende woordvorme in Afrik. van vreemde oorsprong moet wees, dan sou ek nie weet of hulle Maleïsmes, Gallisismes, Hottentottismes of Kafferismes is nie.”

Wat die eerste argument betref, is dit al dadelik duidelik dat die betekenis 'gemaklik' wat die reduplikasie *fluit-fluit* kan aanneem, sekundêr moet wees, omdat die simpleks dit nie ken nie. Dit kan dus nie die uitgangspunt van die konstruksie wees nie.

Wat die -ismes betref, daar hier enige kwessies van algemene en prinsipiële aard by betrokke is, moet ons die saak wat breër ophaal.

Herhaling van klanke en woorde is iets wat in alle Indo-germaanse tale, en ons kan wel sê in alle tale van die wêreld, voorkom, en die betekenis-skakeringe wat daardeur uitgedruk word is velerlei.¹⁾ En ook die herhaling van werbaalvorme of selfs werbaalstamme hoef Dr. Boshoff nie uitsluitend in die tale van swart en geel rasse te soek nie, want ook in Germaanse tale is hulle volop genoeg. Vgl. b.v. Duits *er fragt und fragt, er gräbt und gräbt*; Ndl.²⁾ *hy roeit en roeit maar door*; Afr. *dit rol en dit rol, altyd verder en altyd vinniger, bo by die skoorsteen in* (Duimpie I, bls. 36). Weliswaar staan daar gewoonlik 'n bindwoord tussen, maar hoe lyk dit met Ndl. en Afr.: *ach (ag) kom, kom?* en in watter Germaanse taal sou die konstruksie van hierdie Afrikaanse sin nie pas nie: *Sy raak toe in slaap, en sy slaap, slaap, slaap tot vandag toe nog* (B. Stories, bls. 23)? Selfs waar Leon Maré klank- en woordherhalinge van alle soorte by

¹⁾ Vgl.: Wundt, *Die Sprache* I, blss. 627-52; Van Ginneken, *Vrije Wil en Automatismes*, (Leuvense Bijdragen VII, blss. 288-94). Vir Latyn; Dr. J. te Wartena, *De Geminatio* (Groningse diss. 1915).

²⁾ Vir Platduits sie: Meyer, *Unsere Plattf. Muttersprache*, § 55.

honderdtalle in sy sketse laat krioel (*dis of daar 'n ... oseaan golwe en golwe, en in kleure weggolwe; om nimmer-nimmer weer terug te kom nie; klompies en klompies van burgers; vaster en al hoe vaster; hy stap so struik-struikelend, ens., ens.*), is die meeste nie vreemd aan die geaardheid van Germaanse tale nie, hoewel hy 'n sterk oordrewe gebruik maak van hierdie stylmiddel.

Maar die funksie wat die onderhawige geredupliseerde werbaalstamme in Afrikaans het, is on-germaans en on-nederlands, en daar lê die knoop, want in Maleis¹⁾ en Maleis-Portugees²⁾ kom dieselfde funksie wél voor. En as die reduplikasie van die werbaalstamme in die Bantoetale iets met Afrikaans te doen het, dan is dit snaaks dat 'n Swasie-kaffer, b.v., vir Afr. *hy loop staan-staan*, sê: *hy loop hy staan*. Wat Hottentots betref, daarin kom samestellinge van twee Werkwoorde voor en ook herhalinge van werbaalstamme,³⁾ maar van so 'n partisipiale of adverbiale gebruik van die herhaalde werbaalstamme maak die gewone bronne geen melding nie. Tog het ek my, met die oog op die feit dat die Hamburgse „Seminar für afrikanische und Südseesprachen“ in die besit is van nuwer informasie wat tot nog toe nie gepubliseer is nie, tot Prof. Meinhof om inligting gewend. In 'n vriendelike brief skrywe hy o.a. „das mir Verwendung von Verbalstammwiederholungen als Partizipium oder als Adverbium wie in den von Ihnen aus dem Kap-holländischen zitierten Redensarten, aus Bantusprachen und aus dem Hottentottischen nicht bekannt ist. Die im Nama vorkommende Wiederholung von Verbalstämmen hat eine kausative Funktion und die in Bantusprachen nicht seltenen gleichen Bildungen dienen zum Ausdruck von iterativen oder durativen Nuanzierungen des Verbalbegriffs.“

¹⁾ Walbeehm, *Beknopte Maleische Spraakkunst*, § 22 en § 52.

²⁾ Schuchardt, *Kreol. Studien IX*, blss. 245-6.

³⁾ Planert, *Handbuch*, bls. 7; Meinhof, *Lehrbuch*, bls. 62 en blss. 111 vlgg.

Dagegen bestätigen meine Mitarbeiter auf dem Gebiete der indonesischen Sprachen Ihre Parallelsetzung der Kap-holländischen Ausdrucksweise mit der Malaiischen, und unser Malaiischer Sprachgehilfe Osman Idris führt für Ihre Beispiele entsprechende malaiische Redensarten auf, die nicht ad hoc übersetzt sind, sondern in der Sprache leben: datang tertawatawa = kommen lachen-lachen = unter Lachen ankommen; lari berhenti-henti = laufen stoppen-stoppen = laufen, zuweilen stehen bleibend."

Hier moet egter op nog 'n prinsipiële saak gewys word. Hoewel die konstruksie in Mal.-Portugees sowel as Maleis voorkom, wil dit nog nie sê dat dit in Afrikaans noodwendig onder Mal.-Portugese invloed ontwikkel het nie. Die Maleise bevolking van die Kaapse Skiereiland, en ook van ander dorpe, stam vir 'n deel nie van slawe af nie maar van politieke bannelinge. Hulle vorm 'n afsonderlike eenheid met eie godsdienste en sedes en het natuurlik ook lank hulle eie taal onder mekaar gepraat. Sulke eienaardighede van hulle taal kan dus ook direk van Maleis op Afrikaans oorgegaan het, sonder bemiddeling van Maleis-Portugees. Trouens daar is alle rede om te veronderstel dat die Portugees wat aan die Kaap gepraat is, baie minder Maleise elemente bevat het as die wat op Java gebruik is. Prof. Meinhof vervolgdan ook: „Er [Osman Idris] berichtet ferner, dass noch heute Malaier, die im Dienst von Europäern etwas Holländisch gelernt haben, diese Kenntnisse in ihre malaiischen Gespräche nach Art ihrer Muttersprache einflechten, z.B. ajoh loopen loopen, geradeso wie im guten Maleisch gesagt wird: ajoh berdjalan-djalan = vorwärts (wir wollen) spazierengehen!

Wenn noch heute eine solche Anpassung an die malaiische Ausdrucksweise mit holländischen Lehnwörtern geübt wird, so ist es nicht unwahrscheinlich, dass in früherer Zeit, als malaiische Diener am Kap ihre Muttersprache redeten, auch ihre Ausdrucksweise von europäischen Kindern in die holländische Sprache übernommen wurde, als Redensart in die

Sprache der Erwachsenen übergang und sich erhalten hat, obwohl am Kap nicht mehr malaiisch gesprochen wird."

En nou het dit meteens waarskynlik geword, dat die herhaalde Substantiefstamme wat dien as bepalinge van manier by 'n werbaalbegrip en daar tewens 'n iteratiewe of distributiewe betekenis aan gee: *hy drink die medisyn die bietjie-bietjie; hulle kom klompies-klompies aan; hulle kom een-een, twee-twee vorentoe; hulle speel handjie-handjie, voetjie-voetjie, tol-tol, perd-perd*,¹⁾ ook onder Maleise of miskien Maleis-Portugese invloed ontstaan het.

Opm. by §§ 339-44. Ons het by die gevolgde indeling die bepalende woord, omdat dit in die vorm van die werbaalstam optree, eenvoudig 'n Werkwoord genoem. As iemand daar die voorkeur aan gee om dit 'n Deelwoord te noem wat by komposisie met voorafgaande Substantiewe of by reduplikasie dieselfde vorm het as die werbaalstam, dan het ons daar geen beswaar teen nie. Inteendeel, uit geskiedkundige en funksionele oogpunt sou daar veel voor te sê wees.

*Posiesie van die bepaling of voltooiing.*²⁾

345. Die bepaling of voltooiing neem 'n verskillende posiesie ten opsigte van die Werkwoord in, al naardat die laaste 'n hoofbestanddeel is van die volsin of van 'n bysin. In die volsin is veral gebruiklik die tiepes van woordorde: I Grammatiese Subj. — Ww. — voltooiing of bepaling; II Ww. — gr. Subj. — volt. of bep.; III Ww. (sonder gr. Subj.) — bep.

¹⁾ Vgl. 1e Roux, *Handleiding*, blss. 59-60; Bosman, *Afr. en Mal.-Port.*, blss. 80-81.

²⁾ Vgl. Delbrück, *Grundlagen der Nhd. Satzlehre*, Hfstk. 5.

of volt., b.v.: I *ek sien die man*; II *sien jy die man nog?*; III *kom hier*. By 'n samegestelde Ww. staan die voltooiing of bepaling dikwels tussen die Hulpww. en die Hoofww.: *ek het die man gesien*. Hierdie woordorde is noodsaaklik as 'n nominale bepaling of voltooiing 'n nouer eenheid vorm met die Ww. Vgl.: *Sy is nie op haar mond geval nie*. Ook nominale vorme wat nie deur 'n nadere bepaling gevolg word nie en ook nie deur 'n Preposiesie voorafgegaan nie, staan deur hulle korthed nie aan die end nie. Vgl.: *Hy het 'n brief geskrywe vir sy vrou met hy het sy vrou 'n brief geskrywe*. Daarenteen word in Kaffer Afrikaans wel gesê: *Jy moet bring die perde*. Dit lê egter in die geaardheid van die omgangstaal om die mededeling liefers stuksgewyse te doen, met die twee lede van die samegestelde Ww. naas mekaar en die voltooiing of bepaling daarna (*hy het klaargekom met sy werk*), en dus sinne te vorm wat 'n hortende indruk maak in vergelyking met die geskrewe taal waar dikwels die voorkeur daaraan gegee word om strakker samegestelde sinne te bou: *hy het met sy werk klaargekom*. Maar selfs in die geskrewe taal word die nominale bepaling gewoonlik laaste geplaas as besondere nadruk bedoel is: *handel saggies met die diere*, of as daar 'n langer bepaling of voltooiing op volg: *Hy het gepraat oor die fees wat anderweek moet gehou word*. Vir die posiesie van *nie* sie § 327—8; en vir die van *al*, § 331.

346. Terwille van die aansluiting of die nadruk kan 'n bepaling of voltooiing egter ook eerste staan; dan word by die eerste tiepe die volgorde van gr. Subj. en Ww. omgekeer: *toe het ek vir hom gesien*. Anglisismes van die volgende soort is in die omgangstaal nog onbekend: *Jy, my generaal, in die hof of op die slagveld, is 'n man volgens my hart* (Getrou, bls. 62).

347. In 'n Bysin staan die Ww. dikwels op die end; die bepalinge of voltooiinge staan dan voor of na die gr. Subj. of omring dit, b.v.: *dis die huis wat ek gebou het*; *hy sê dat hy môre sal kom*; *die plek waar ons op staan is*

heilig. Maar ook hier gee die omgangstaal veelal die voorkeur daaraan om nominale bepalinge en voltooiinge wat nie ter wille van die aansluiting met die voorafgaande vroeër moet staan nie, op die end te plaas, behalwe as hulle sonder Prep. gebruik word of 'n nouer eenheid met die Ww. vorm. Die neiging van die geskrewe taal om van hierdie volgorde af te wyk is alweer swakste, as daar nadruk val op die nominale gedeelte of 'n langer bepaling op volg. Vgl.: *Kom as jy klaar is met jou werk; dis die huis wat gebou is deur die man wat later verongeluk het. Het, had, is, was, word* volg altyd in die Bysin die Hoofww.: *hy het berou gekry oor wat hy gedoen het*. Onder Ndl. invloed en om ritmiese redene, tref 'n mens egter in Afrikaanse geskrifte ook die onafrikaanse omgekeerde volgorde aan. Vgl.: *En waarlik, as jyself soveel het deurgemaak van wat jy liewers nooit nie het gesien* (Oom Gert Vertel, bls. 3). ¹⁾ Vgl. § 308.

Opm. I by Hoofstuk IV. Die Partisiepiea en Infinitiewe is in die voorgaande hoofstukke behandel resp. as Adjektiewe en Substantiewe. Hier moet nog daaraan herinner word, dat hulle daarnaas ook werbale funksie kan hê en dus dieselfde soorte groepe as Werkwoorde vorm. Vgl.: *hem 'n wenk géwend . . . ; die poginge daar aangewend; dis nodig om gou stappe te doen; ons het besluit om hom 'n present te gee*.

Opm. II by Hoofstuk IV. Die voltooiinge en bepalinge van Werkwoorde kan dus bestaan uit Substantiewe, Adjektiewe, Adwerbia, en selfs uit werkwoordstamme. Geen wonder, dat dit gedurig aanleiding gee tot die oorloop van woorde uit die een woordsoort in die ander nie. Op 'n paar groepe wil ons hier die aandag vestig.

Om by die laaste klas te begin, die geredupliseerde werbaalstamme word deur die taalgevoel gelykgestel met Partisiepiea. Vandaar dat hulle ook as attributiewe Adjektiewe gebruik kan word: *'n lag-lag gesig, 'n sukkel-sukkel draffie*. Predikatief is die suiwer adjektiewiese gebruik van hierdie woorde egter nie moontlik nie.

Oorspronklike Adwerbia wat dikwels deur middel van die s.g. Koppelww. met Substantiewe verbind word, kan ook as

¹⁾ Die wending is seer geliefd in *Japie* deur J. R. L. van Bruggen.

attributiewe Adj^e aangewend word. Vgl.: 'n *af been*, 'n *toe deur*, *oop oë*, 'n *reguit karakter*, ens. In die Ndl. literatuurtaal van die sewentiende eeu kom dergelike konstruksies ook dikwels voor en teen die end van die neentiende eeu het hulle opnuut in die mode gekom, maar in die Ndl. omgangstaal is hulle gebruik nog uiters beperk. Ook in Duitse dialekte is uitdrukkinge soos: *eine zuene Thür*, *ein hinener Stuhl* goed bekend.¹⁾ In Ndl. en Duits kry sulke woorde ook die adjektiewiese fleksie, in algemeen Duits gewoonlik daarby nog 'n afleidingsuffiks: *hiesig*, *damalig*, ens.

Ook adjektiewiese uitdrukkinge bevattende 'n Subst. wat deur 'n Prep. bepaal word, kan van die predikatiewe gebruik oorgaan in die attributiewe: 'n *deurmekaar kamer*.

Vir die oorgang van Substantiewe wat as voltooiing van Ww. gebruik word, tot Adjektiewe, sie Opm. by §§ 319-21.

¹⁾ Vgl. Wunderlich, *Unsere Umgangssprache*, bls. 229.